# *Die Absoluut*

So bly om vanoggend hier te wees en hierdie aansporing te hoor, net soos ek na die verhoog gekom het. Jammer om laat te wees, maar die siekes daar agter buite en motors, soos ambulanse en—en ek moes diegene wat nie kon inkom nie vang (julle sien?) voor ek kon inkom.

Nou, ek wonder of die suster wat die—die klein outjie het, of sy nie vanmiddag kan terug kom nie. Ek wil vanaand ook preek, as die Here wil. As sy nie dan kan terug kom vir die toewyding nie (terwyl ek die keer so lank gestaan het), wel, sê vir haar om—sy kan die baba nou bring. Maar as sy die— hierdie—vanaand kan terug kom, sal dit 'n bietjie beter vir ons wees. Maar laat wat ook al sy kan doen; wat ook al dit beteken. Wel, as sy nie kan terug kom nie, sal ons die klein outjie nou vir die toewyding bring. En nou, al hierdie. . . Terwyl ek praat, as sy nou wil kom en—dit sal die tyd wees. . .

Nou, vanaand is daar 'n baie spesiale. . . Ek—ek wil vanaand oor die onderwerp praat, 'n profetiese boodskap van *Meneer, Is Dit Die Tyd?* So, as die Here wil, wil ek vanaand oor hierdie onderwerp praat: *Is Dit Die Tyd, Meneer?*—of eerder *Meneer, Is Dit die Tyd?* En dan, wil ek van die geleentheid gebruik maak in die teenwoordigheid van die kerk, wat. . . Daar was baie dinge wat in die afgelope paar dae gebeur het wat opwys na 'n—'n groot iets wat ek nie verstaan nie. Maar ons is—ons is altyd. . . God se weë kan nie deur die mens bepaal word nie, so ons moet net deur geloof wandel. As enigiemand God kon verduidelik, dan sou dit nie meer nodig wees om geloof te hê nie, want jy—jy weet dan. Maar ons wandel net deur geloof.

En vanoggend het ek gedink ek sal probeer om net 'n gewone evangelistiese diens te hê, want. . . Soort van my gedagte verander nadat ek hier gekom het en gesien het so baie staan en het so lank gewag. En dan, vanaand, miskien 'n—minder hier en dan kan ek voortgaan met dit, wat ek wil sê.

Een ding wil ek graag aankondig, terwyl baie van hulle hier saam is—baie van julle saam, dis iets wat ek—ek nagelaat het om aan te kondig vir die afgelope paar weke; dit is, julle gebede aangaande die belasting saak wat ek met die regering gehad het, is beantwoord. Dis afgehandel. En so is ons. . . Dis— dis nou alles verby. Soos baie van julle verstaan, wat hulle teen my gehad het was daardie tjeks wat aan die veldtog uitgemaak was; en tog, hulle het probeer om te sê dit was myne en wou my belas met drie honderd en iets in die vyftig duisend dollar as my persoonlike eiendom. En dit was nie; dit was die veldtog s'n. En die kerk weet daarvan; almal van julle weet daarvan.

En laastens, hulle het gekom tot 'n plek wat. . .(ek sal net vir julle 'n klein raamwerk van wat gebeur het gee.) Hulle was amper drie tot vyf jaar omtrent (ek reken, bykans vyf jare), aan die saak, en vorentoe en agtertoe, en karakter, en alles. Maar ek is so dankbaar dat hulle niks teen my kon vind nie, so hulle kon my nie aankla daarvoor nie. So hulle was nie niks om voor aangekla te word nie, net hulle het gesê, ek reken, net my—my eie onkunde. Deur nie baie aangaande die wet te weet nie, sal hulle vir my die tjeks bring; en ek sou dit teken, my naam daarop sit, hulle in die veldtog plaas. Maar dan, solank as wat ek my naam daarop gesit het, was hulle myne. U sien? Maak nie saak. . .Gesê, "Dis baie lekker vir jou om—so, maar hulle was joune en dan het jy dit aan die kerk gegee. Maar sodra jy jou naam daarop sit, was dit joune; maak nie saak waarvoor hulle bestem was nie, hulle was aan jou uitgemaak." So, en as hulle op geskryf was—iemand daaroor geskryf het "persoonlike geskenk," sal dit reg gewees het; maar hulle het net *William Branham* geskryf (sien?); en toe ek my naam daarop geskryf het, dit—dit het dit gedoen; dit was alles daarvan. So hulle was. . .En toe eindelik met gebed. . .

En toe nie lank gelede nie, julle weet, hulle—ek het die visioen gehad dat 'n groot, donker, rokerige, roeterige, skubberige (soos 'n krokodil) man met yster vingers na my toe beweeg het. Ek het een klein messie, soos dit gehad, en hy het op hom die *Regering van die Verenigde State* gehad. En ek kon niks help nie, ek was hulpeloos; en toe het die Here op die toneel gekom, en dit was verslaan. En julle onthou dat ek lank gelede dit aan julle vertel het.

En hulle het 'n tyd gelede 'n skikking aangebied. En my advokaat, Mnr. Orbison in New Albany, en Ice & Miller in Indianapolis op die belasting saak het my laat roep en aan my gesê, "Kom af." En ek het af gegaan, Broer Roberson, en ek, en my vrou, en die trustees van die kerk hier, en ons almal; ons het afgegaan, en hulle het aan ons gesê dat hulle—die regering gewillig was om te skik.

En ek het gesê, "Ek—as ek iets aan enigiemand skuld, sal ek hulle betaal. Maar ek—ek doen my bes, maar," ek het gesê, "Ek skuld dit nie." En so het ek gesê, "Ek—ek—dis. . . Eerlik waar, God weet. En waarom kla hulle my dan nie aan nie, as ek skuldig is?" Ek het gesê, "Hulle het vyf jaar gehad om te probeer om dit te doen, maar hulle kon niks vind om dit mee te doen nie." So het ek gesê, "Nee, ek weier—ek sal dit net nie betaal totdat dit bewys is dat ek dit skuld nie."

En toe het die advokaat my ingeneem en met my gepraat en gesê, "Nou, ons kan die saak ondersoek. Die Regering sal dit ondersoek." En het gesê, "Wanneer hulle dit doen, sal die enigste ding wat hulle teen jou kan vind wees dat jy. . ."

Wat ek—wat. . .Die manier waarop ek dit gedoen het; ek het nie net. . .ek weet niks van boekhou af nie, so ek het dit net gedoen op die manier wat ek gedink het eerlik was. En dit was—dit was nooit in my naam gebank nie; dit was altyd in die naam van die kerk, veldtog, gebank, ensovoorts. Sien? So dit was nie niks wat ek daaromtrent kon doen nie.

En ek. . .Hy het gesê, "Wel, hulle is gewillig om te skik vir vyftien duisend dollar, met tien duisend dollar as boete"; en die advokaat se fooie was vyftien duisend. Dit het vir my veertig duisend gemaak. En so, toe wou hulle vyf meer hê, ek dink dit is nou, so ek het gegaan. . .Ek het gesê, "Waar in die wêreld sal ek ooit veertig duisend dollar kry?" Ek het gesê, "U weet my bankrekening hier, dit sê omtrent 'n honderd dollar en miskien minder." Ek het gesê, "Waar sou ek iets in die veertig duisend dollar kry?" En ek het gesê, "Ek het niks vir bykomende sekuriteit nie; ek het dit net nie. Dis al".

En hy het gesê, "Mnr. Branham," hy het gesê, "hier is wat dit is: As ons die saak ondersoek," hy het gesê, "daar bestaan geen twyfel behalwe dat ons die saak sal wen nie." Hy het gesê, "Maar hier's deur—die. . .Ons kan dit wen, want hier is wat ek sal doen. Hulle gaan beweer dat dit alles joune was, want jy het jou naam daarop geteken. En hulle gaan beweer dis joune, hoewel dit in die naam van die veldtog, kerk, Branham Veldtog en dan 'n kerk, gebank was."

En nie een keer kon hulle een sent vind wat ek ooit op myself spandeer het nie. Dis die waarheid; God weet! Daar's mense wat nou hier sit, was reg met my die hele pad. Daar was nie een sent wat ek ooit op myself spandeer het nie. Dit was alles vir die Koninkryk van God, oral, elke tjek, alles.

Maar sien dit? Maar dit maak nie saak nie. Dit was—ek—dit was veronderstel om eers myne te wees en dan kerk s'n, die veldtog s'n. En hulle het 'n manier om dit te doen, julle weet, allerhande wegkom kanse wat hulle kan gebruik. So toe het ek gesê, "Wel, ek sal—ek sal dit net nie doen nie."

En hy het gesê, "Wel, as ons die saak so wen, want ek sal— ek sal dit persoonlike geskenke verklaar. (Sien?) Ek sal dit verklaar, deur die regering, as persoonlike geskenke." En gesê, "Dan, as ek dit doen, alles oor tienduisend dollar sal erfnis wees; en dan sal jy weer terug daarin wees, en hulle sal jou nog vyf jaar daar hou om dit alles te kontroleer."

Sien? Wanneer jy 'n tjek skryf, gaan dit deur die klaringskantoor; hulle fotokopieer die afskrif van daardie tjek. Natuurlik, het ek al die tjeks ook, wat dit deur gegaan het.

So het hulle gesê, "Dis waar hulle jou weer terug kry." En hy het gesê, "Nog 'n ding, Mnr. Branham, as die regering jou ooit inroep, soos dit, met 'n ondersoek, maak nie saak wat jy ooit doen nie, in die oë van die publiek is jy 'n skelm." Sien? Gesê dis al.

Kyk na hierdie klein Baptiste predikant daar onder in Mississippi. Daardie klein mannetjie . . . 'n Vrou het gesê dat hy haar beledig het. En daardie man het bewyse gebring van oor die land en oral (hy was nie eers naby die stad vir dae voor die dag, of die dag daarna nie), soveel so dat die regter wou hê dat hy omdraai en die vrou dagvaar vir naamskending. Hy het gesê, "Laat haar gaan."

En toe dit op 'n monitor toets oor die land gesit was, weet julle wat gebeur het? Vyf en sewentig persent van die Amerikaanse mense het gesê, "Waar daar rook is, is daar vuur." En daardie arme klein mannetjie (net so onskuldig soos ek of enigiemand anders sou wees) sal daaronder gebuk gaan vir die res van sy dae, hoewel hy niks daarmee te doen gehad het nie.

Ek het baie sleg gevoel, vir 'n ruk, om te dink dat ek my lewe tot die Koninkryk van God wend om te probeer (sien?) om mense te laat belasting betaal, en dinge doen en doen wat reg is, en om skelms regte mense te laat word en moet voorgestel word asof ek self 'n skelm is.

Ek het gedink, "Wat in die wêreld het ek gedoen?" En toe het dit tot my gekom, en ek het in die Bybel gekyk. Elke man in die Bybel, geen uitsonderings, wat ooit 'n geestelike pos beklee het, as Satan hulle nie op morele standaarde of iets kon kry nie, het die regering hulle gevang. Gaan reg terug na enige plek wat julle wil, al die pad terug—Moses, Daniël, Hebreeuse kinders, Johannes die Doper, Jesus Christus (gesterf deur die regering—doodstraf), Paulus, Petrus, Jakobus die Grote, Jakobus die Mindere, elkeen van hulle het onder die regering gesterf, want dit is, elke regering is die tra—troon van Satan. Jesus het so gesê; die Bybel sê dit. Sien?

Elke regering word deur die duiwel beheer. Daar kom 'n regering wat deur Christus beheer sal word; maar dis in die Millennium. Maar die—hierdie regerings nou, maak nie saak hoe goed ons dink hulle is nie, tog is die agterkant van hulle, hulle is—hulle word oorheers deur Satan. "Hierdie koninkryke," het hy gesê, "is myne; ek maak met hulle wat ek ook al wil. Ek sal hulle vir jou gee, as jy my sal aanbid."

Jesus het gesê, "Gaan weg, Satan! Jy sal die Here aanbid en Hom alleen sal jy dien."

En toe het ek mismoedig geraak (my vrou luister na my); ek het huistoe gegaan en ek het gesê, "Nee, meneer! Ek—as ek dit geskuld het, sal ek dit betaal. Ek skuld dit nie en ek sal dit net nie betaal nie. Dis al." Ek het gesê, "Hoe kan ek dit in elk geval betaal?"

So ek het huistoe gegaan en ek het gesê, "Meda, was die kinders se gesigte, kry hulle klere reg; ek gaan weg." Ek het gesê, "Hulle sal nie eers . . . Alles, dis net onderstebo." En ek het gesê, "Wat het ek gedoen? Sê my!" En ek het gesê, "Tog, ek veertig

duisend dollar? Sjoe! Jy besef nie wat dit vir my beteken nie!" En sy het soos 'n goeie vroutjie sou, ingekom en gesê. . . Ek het gesê, "Ek gaan weg!"

Sy het gesê, "Dink jy dat dit enigsins sal help? Al daaroor gebid?"

Ek het gedink, "Wel, miskien moet ek liewers weer bid." Ek gaan terug in en gevoel asof Hy vir my 'n Skrif gesê het. Ons wil altyd kyk na die Skrif, wat God daaromtrent gedoen het. U sien?

En eendag was dit van Hom gevra, julle weet, probeer om—probeer om Hom by die regering aan te kla; hulle het gesê, "Is dit reg vir ons vry Jode om hulde of belasting aan die Keiser te gee?"

Hy het gesê, "Het jy 'n pennie?" Gesê, "Wie se afdruk is daarop?"

Gesê, "Die Keiser s'n."

Gesê, "Dan gee julle aan die Keiser die dinge wat die Keiser s'n is en aan God die dinge wat God s'n is."

En ek het daaroor gedink; ek het in die Bybel geblaai en dit gelees. Ek het gedink, "Waarlik, Here, dis waar! Maar dit behoort nie aan die Keiser nie; Dit was U s'n, dit was nie die Keiser s'n nie. As dit myne was en ek was—moes meer belasting of iets betaal, wel dit sou anders wees. Dit—dit het aan die Keiser behoort, maar hierdie—hierdie is U s'n. (Sien?) En dit—dit het in die eerste plek nie aan die Keiser behoort nie."

U weet, Hy het altyd die antwoord in die Woord. Ek het net 'n bietjie verder gelees, en Hy het gesê, "Sê my, Simon, het—het jy nie 'n vishoek in jou sak nie? (Sien?) Jy dra altyd 'n klein vishoekie en 'n lyn. En ek het net vanmôre 'n deposito in 'n visbank daar onder by die—by die rivier gemaak, jy weet." Gesê, "Hy—ek het 'n deposito gemaak en die bankier wil definitief gee wat hy het. Gaan net af soontoe en gooi die hoek in die rivier; en as jy by die oewer kom, maak sy mond oop (jy sien?), en hy sal—hy sal die muntstuk uitgee. Laat ons hulle nie aanstoot gee nie. Moet hulle nie aanstoot gee nie. (Sien?) Gaan betaal dit, Simon; dit sal vir My en vir jou wees."

Ek het gedink, "Dis waar, God, U het visbanke en alle ander dinge oor die land. Ek weet nie hoe dit gedoen sal word nie."

Maar ons het afgegaan; ek het die broers reg hier in die kerk, wat by my brief gestaan het. En ek het 'n brief ingesit en die veertig duisend dollar gekry en dit afbetaal. Ek het huistoe gegaan; ek wou weet die manier waarop ek die tjeks geskryf het, of hulle ooit weer na my kon terug kom. Ek het gesê, "Dit is om te sê dat ek vry is van alle belasting." . . .?. . . daardie een endosseer, hulle sal daarna sekerlik in 'n gemors wees.

Ek het aangehou om die bank terug te skakel om te sien of hulle dit sou doen en uiteindelik het Bob my gesê; hy het gesê, "Billy, hulle het dit gedoen."

En ek het ingegaan en my arm om my vrou gesit; ek het gesê, "Skat, ek's vry!"

Wat 'n gevoel om vry te wees. En so kan ek dit nou betaal (hulle het dit regtig maklik vir my gemaak), ek kan dit nou teen vierduisend dollar per jaar terug betaal. Nou kan ek—ek nie meer leeglê nie, mense; ek moet uitgaan en gaan werk. So ek—ek... Dit sal my tien jaar neem om dit terug te betaal en as—as die—Jesus nie kom nie. En as dit—as Hy dit doen, sal al die skulde in elk geval verhaal wees, julle sien. En so—en so ek hoop dat julle almal, ek...Julle gebede (en vanaand wil ek voortgaan met iets net so 'n bietjie na dit), maar dis julle gebede wat my gehelp het. Baie dankie. Die Here seën julle. Maak nie saak waar ons ooit is nie, ek sal dit nooit vergeet nie.

Vanaand, as die Here wil, wil ek sommige van die feite wat ek ken, noem en maak seker dat julle kom. Onthou nou, *Menere, Wat Is Die Tyd?*

Nou, ons gaan...Ek glo dat hulle 'n vol program vir die res van die—hierdie week—en Maandagaand is die—dienste vandag, en vanaand en Maandag. Maandagaand is die waakdiens. En—en dan, dit gee jou Dinsdag, Nuwejaarsdag, as julle nie van hier is nie, kan julle terug huistoe gaan. En ons sal 'n paar goeie predikante nou vir daardie diens hier hê—ons— 'n—'n groot groep goeie sprekers. En almal sal met tussenposes praat tot middernag; en soms neem hulle Nagmaal (as dit in orde is, ek weet nie of hulle die keer is of nie) reg as...Waar hulle skree en gil en skiet en drink en te kere gaan, sal ons die Nagmaal neem (Amen!), begin die Nuwejaars reg met 'n Nagmaal.

Nou, julle is almal genooi en ek hoop dat julle—God van die hemele vir julle 'n geleentheid sal gee om oor te bly, as julle kan.

Nou, voor ons die Woord benader, wil ek eers dit ook sê, dat ek beslis hierdie kerk bedank, sy lidmate, vir hierdie goeie pak klere wat julle vir my gekoop het. Baie dankie. Dis so baie vir my: al julle kaartjies en dinge deur die—die—die Kersseisoen en geskenke wat julle aan die gesin gestuur het; en o, ek—hulle was ontelbaar vir my en klein plekkies wat nie die plek in my hart kan raak nie. Niks kon dit so doen nie, om te weet dat dit van julle kom.

En so, sommige van hulle het vir my sommige van hulle Kersgeskenke in geld gestuur en sommige van hulle het gestuur...Soos, een broer het vir my 'n sakboekie gestuur en 'n—wat hy vir my laat maak het met my naam daarop; en 'n klein pennetjie waardeur jy kyk en dit het die Onse Vader binne-in; en o, sulke dinge, dis net—ons waardeer dit net. Vrou en ek en die kinders wil vir julle baie dankie sê. Dis so min, maar ek kan dit sê (ek dink hierdie is die grootste woord wat enigiemand kon sê): "Die Here seën julle." Daar's niks wat enigsins groter kan wees nie.

Nou, en aan hierdie broers hier by die kerk wat vir my die geweer gekoop het, ek—ek het my pak aangetrek, maar ek—ek kon nie die geweer kerk toe bring nie. Maar dit was. . .Hulle sou dan regtig iets teen my kon hê, sou hulle nie? So ek—ek—ek bedank julle beslis, my broers. En ek wou hulle name gelees het op 'n klein. . .Maar een van die broers was gister daar; gesê, "O, moenie—moenie—moenie my bedank nie, Broer Branham, dit sal net al die blydskap daaruit neem." Sien?

So, ek het gedink, "Miskien dink die res van hulle dieselfde ding." Maar ek het julle name; hulle het dit getik. Ek sal dit altyd onthou en die Here seën julle grootliks.

En julle weet waar ek ontspan en gaan in daardie "den room" en sit daar en leef van vooraf. Wanneer ek so gespanne raak dat ek nie kan aangaan nie, dan dink oor een of ander jagtog wat ek iewers heen onderneem het, of iewers gaan visvang het. Ek waardeer dit. Die Here seën julle.

Nou, kan ons ons hoofde net vir 'n oomblik buig, soos ons die Woord nader! Ek is seker daar is versoeke hier vanmôre te veel om net nou op te noem, so ek wonder, terwyl ons ons hoofde gebuig het, julle spesiale versoek, as julle dit net in julle hart sal hou en net julle hande opsteek en sê, "God, U weet waaraan ek nou dink."

Here Jesus, U sien elke hand; en U weet wat daaragter is. Onder daardie hand is 'n versoek. En ons kom nou, eerbiediglik op na die Troon van die Lewende God, daardie groot wit pêrel wat strek oor die ruimte van tyd, waar Jehova God daarin sit en die Bloed van Christus lê op die altaar. En ons praat oor daardie Bloed deur Hom wat gesê het, "Vra die Vader enigiets in My Naam; dit sal toegestaan word." Sal U nie hoor, God, vanoggend en hulle versoeke beantwoord nie? Ek lê my gebed met hulle s'n vandag dat U dit sal toestaan.

Hier lê sakdoeke hier, Here, sodat siekes en gekweldes. . . En ons word geleer in die Bybel dat hulle van Paulus sakdoeke en voorskote geneem het; en hulle het dit op die siekes geplaas en onrein geeste het uit hulle gegaan en siektes het hulle verlaat. En Vader, soos ons vir 'n lang tyd geweet het en ons sekerlik weet, dat ons nie Paulus is nie; maar na alles, voel ons dat dit nie Paulus was nie, dit was die Christus wat in hom was. En U is dieselfde gister, vandag en môre, volgens die Skrif.

Nou, hierdie mense, Here, glo dat as ons God vra en hierdie sakdoeke neem en hulle op die siekes lê, dat hulle sal herstel. Ek bid dat dit so sal wees, Here. Wanneer hierdie sakdoeke op die siekes geplaas word. . .Soos dit gesê was, een keer het Israel begin in die lyn van plig, besig om na die beloofde land te gaan en die Rooi See het hulle afgesny, reg op die pad van plig; maar God het deur kwaai oë afgekyk deur die Pilaar van Vuur; en daardie

see het bang geword en sy branders terug gerol, sy waters; en Israel het op droë land deurgegaan na die beloofde land.

Nou, Here, kyk vandag deur die Bloed van Jesus. En sien U hierdie geloofsdaad wat ons vanmôre hier uitvoer; en mag Satan bang raak en weg beweeg. En mag elkeen van hierdie pelgrims hier teenwoordig, en elkeen waarop hierdie sakdoeke sal lê, mag hulle—die pad oopgemaak word, die siekte weggeskuif word; en mag hulle voort reis na die beloofde land, gelei deur die Heilige Gees, die Pilaar van Vuur. Staan dit toe, Here.

Nou, seën die dienste, die woorde, die inhoud, die lees; en mag die Heilige Gees die Woord vanmôre neem en Dit liefderyk aan elkeen van ons verdeel, Here, soos ons nader aan een of ander groot, wonderlike ding beweeg, wat ons nie weet wat nie. Ons harte is vreemd beweeg, Here, en ons bid nou soos ons U en U Woord eerbiediglik nader, dat U die betekenis daarvan aan ons sal interpreteer. Want ons vra dit in Jesus naam. Amen.

Nou vanaand, moenie vergeet *Die—die Tyd, Wat Is Die Tyd?*

En nou, vanoggend wil ek julle laat blaai na (wat julle Bybels het of dit merk, as julle so voel)—in die Skrifte, waaruit ons vir 'n paar oomblike wil praat, gevind in die Boek van Handelinge. Ons mag twee of drie plekke lees: Handeling 26:15 eerste, Handelinge die 25ste hoofstuk en die 15de vers, om mee te begin. Dan wil ons Handelinge 23:11 lees; en julle mag byvoeg daarby (as julle so wil, ek sal moontlik nie die tyd hê om dit te lees nie) Fillipense 1:20. Dis alles oor dieselfde doel, dieselfde woorde.

Nou, in die Boek van Handelinge 26:15, ons—lees soos volg:

> *Toe sê ek: Wie is U, Here? En Hy sê: Ek is Jesus wat jy vervolg.*
>
> *. . . rig jou op en staan op jou voete, want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot 'n dienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn;*
>
> *Terwyl ek jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur,*
>
> *Om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.*
>
> *Daarom, O . . . Agrippa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie,*
>
> *Maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judea en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas.*

In Handelinge 23 en die 11 de vers weer:

> *En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê, Hou goeie moed Paulus, want...soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig.*

Mag God Sy heilige seën toevoeg tot die lees van Hierdie mees genadige, Heilige Woord wat ons voor ons het.

Nou, ek het 'n man hoor praat—of leer nie lank gelede nie en hy het die woord *absoluut* gebruik. En ek het gedink, "Dis 'n baie goeie woord; ek hoor dit telkens gebruik." *Absoluut*. Dis . . .

Ek het dit in die woordeboek, Webster s'n, opgekyk. Volgens Webster, is dit "volmaak op sigself; onbeperk in sy mag; primêr 'n einddoel." En 'n *einddoel* is die "amen"; dis al. 'n *Absoluut*, dit is—dis "die onbeperkte in mag," die woord *absoluut*. Dis—dis volmaak op sigself. Dis alles daarvan; dit handel dit af. En ek het gedink, "Dis 'n glorieryke ding; dis 'n wonderlike woord."

En nou, 'n *woord* is "'n gedagte uitgedruk." Eerstens, moet dit 'n gedagte wees en dan word dit 'n woord; want jy spreek nie jou woorde sonder denke nie.

Wanneer ons in tale praat het ons geen denke nie; dis God wat die gedagtes neem; dis God se gedagte wat ons lippe gebruik. Ons dink of weet nie wat jy sê as jy in tale praat nie, as dit geïnspireerde spraak is. As jy interpreteer weet jy nie wat jy sê nie; jy sê dit net, dis al. Sien? Dis God. En profeteer, jy gebruik nie jou eie gedagtes nie; dis God, want jy sê dinge wat jy gewoonweg nie oor sal dink om te sê nie. Sien?

Maar die woord *absoluut* is 'n einddoel; en daarom, dink ek dat elkeen 'n einddoel behoort te hê. En elke groot prestasie wat ooit behaal is, was daar 'n absoluut daaragter. Maak nie saak wat dit was nie, dit het 'n absoluut agter gehad. En elke persoon, om iets te behaal moet eers 'n absoluut hê. En dis die finale terugdraai deur *dit, dat*, terug deur *die ander*, tot jy kom tot daardie absoluut, of die "amen," of die einddoel van wat jy's. . . Jy het iets waaraan jy moet bind, met ander woorde. Dis die finale vasbindplek van elke prestasie. . . Dis iewers; dit mag terugdraai deur baie verskillende dinge, tot dit by daardie vasbind plek kom; maar daar is die "amen" van dit alles. Daar moet so 'n ding wees. Jy kan nie aangaan deur die lewe sonder om een te hê nie.

Jy—toe jy getrou het, moes daar deur jou verstand iets terug gedraai het, tot jy daardie vasbindplek getref het. En dit moes liefde vir jou vrou of jou man gewees het. Wel, miskien is sy nie so mooi soos John se vrou nie; of sy, wel—sy nie die—*dit, dat*, maar daar's iets omtrent haar wat jou—dit tref jou. Jy—jy—jy sê, "Sy mag miskien nie so mooi wees soos die ander nie," of, "hy mag miskien nie so aantreklik soos die ander wees nie"; maar daar moet 'n absoluut daar wees dat daardie persoon anders is. En

daar's waar jy aan vashou. En as dit nie daar is nie, beter jy nie trou nie, daardie vasbindplek, daardie absoluut.

Ons kan aan baie in die Bybel dink wat absolute gehad het. O, hoe kan ons nie deur die stroom van daardie Bybel neem en net hier wees vir twee weke van nou af en nooit eers die oppervlak raak nie, as ons net dink oor die absolute in die Bybel. Byvoorbeeld, laat my net een of twee roep, hulle net verkort.

Kyk na Job. Nou, hy het 'n Absoluut gehad. Alles het vir daardie man verkeerd gegaan, 'n regverdige man. Nou, ons sou waaghalsig wees om te sê dat hy nie regverdig was nie, want God het gesê hy was. Daar was niemand soos Job op aarde nie. Hy was volmaak in die oë van God; en hy het dit geweet, want hy het 'n Einddoel gehad; hy het 'n Absoluut gehad.

Toe alles so teenstrydig voorgekom het, het siekte uitgebreek, sy vriende kon gesê het, "Nou, daar het jy dit, Job, dit bewys dat jy besig is om te sondig; jy's verkeerd." En toe, die biskoppe afgekom (hulle het hulself Job se vertroosters genoem), en in plaas daarvan om hom te vertroos, het hulle niks behalwe sonde in sy lewe gesien nie; omdat God met hom gedeel het op die manier wat Hy het.

En sy kinders was doodgemaak; sy—sy eiendom was verbrand; sy—sy—alles het verkeerd gegaan en selfs sy eie lewe was in gevaar, het op 'n ashoop gesit, swere het van die kroon van sy kop tot die sole van sy voete uitgebreek. En selfs sy lieflike, mooi metgesel, die moeder van daardie kinders het gesê, "Jy moet God vervloek en die dood sterf." Maar te midde van dit alles het Job 'n absoluut gehad!

O, as ons net in tye van siekte onsself aan daardie Absoluut kon vasbind. Job het geweet dat hy Jehova se bevel uitgevoer het en hy het geloof gehad in wat hy gedoen het, want Jehova het dit vereis. As ons net dit kan doen! Jehova het 'n brandoffer vir sy sonde vereis. En Job, nie net vir homself nie, maar vir sy kinders, het 'n brandoffer gemaak en dis al wat God vereis het.

O, jy mag sê, "Ek wens dis al wat Hy vandag vereis."

Dis minder as dit, net geloof in Sy Woord. En jy—as jy Sy Woord jou Absoluut maak, kan jy—enige Goddelike belofte in die Bybel, kan jy jou siel daaraan vasbind. Maak nie saak hoe baie die golwe jou rondslaan nie, jy's steeds vasgemaak. Jou Absoluut.

En hy het aan Dit vasgehou en toe sy vertroosters gesê het, "Jy het gesondig," het hy geweet hy het nie. Hy was regverdig, want hy het Jehova se bevel uitgevoer. En as hy—elke . . . Die man kom in en het gesê, "Jou kinders is dood"; nog een kom in en het gesê, "Jou kamele is almal uitgebrand en daar kom vuur vanuit die hemel . . ."

Kyk wat ’n argument sy mistroosters gehad het, “Jy sien? Die vuur het uit die hemel gekom. Nou, Job, dit bewys . . . ”

“Dit bewys niks!”

“Nou, Hy sou nie jou kinders getref het nie, Job; jy is ’n regverdige man.”

Maar Job het gesê, “Ek weet dat ek gedoen het wat reg is.” Hy het steeds vasgehou; hy het iets gehad wat hy kon indryf. Net so. Hy het dit aanvaar; hy het presies gedoen wat God hom gesê het om te doen, en hy was absoluut seker. Reg!

Toe, toe hy kom by daardie plek toe die Absoluut gehou het, toe eindelik kon hy begin om daardie tou te voel styf word wat eers los was, rondgespring het. Maar dit begin styf word en die Gees kom op hom; en hy het opgestaan, omdat hy ’n profeet was, en hy het gesê, “Ek weet my Verlosser leef!” Amen! Sien? Hy het styfgetrek na sy Absoluut; hy het kontak gemaak. Hy het geweet dat hy gedoen het wat reg was en eendag moes hy na Dit trek. “Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae staan Hy op hierdie aarde. Hoewel nadat die wurms hierdie liggaam vernietig het, tog sal ek God in my vlees sien.” Hy het toe geweet; toe is sy Absoluut geanker.

Abraham, ’n absoluut, kom van Babilon, van die toring en die—uit na die Shinar en daar buite waar hy met sy vader gewoon het en miskien ’n boer was. Maar eendag, ver terug in die oerwoude iewers, miskien besig om bessies te pluk of—of gaan om ’n dier vir sy vleis dood te maak en iewers terug daar het God tot hom gespreek toe hy vyf en sewentig jaar oud was.

En hy was—hy en sy vrou, Sarah, wat vyf en sestig was, was kinderloos—kinderloos, hulle het geen kinders gehad nie. Toe het God aan hom gesê, “Jy gaan ’n kind hê by Sarah, maar om dit te kan doen, moet jy jouself afsonder.”

God se beloftes is altyd op voorwaarde. Jy moet absoluut . . . Maak nie saak hoe fundamenteel jy is met die belofte nie, dis altyd onder voorwaardes. Hoe kan ons hier stop en deur daardie Skrif blaai, vorentoe en agtertoe, vir ure, sien, dat dit die voorwaarde is wat iets beteken. Jy kan net so fundamenteel wees as wat jy wil, maar dis onder voorwaardes by die belofte, vooruit verkiesing, ensovoorts.

Let op! Nou Abraham, hy het God geglo en dit was as geregtigheid aan hom gereken. Nou, wat ’n—’n aaklige ding sal dit wees om ’n—’n beskaafde wêreld, ’n man, vyf en sewentig jaar oud, met ’n vrou, vyf en sestig, te ontmoet (en het saam gebly vandat hulle ’n jong paar was, want sy was sy halfsuster) en nou gaan hy ’n baba hê by haar. Maar hy het ’n Absoluut gehad. Daar was niks wat hom kon beweeg nie.

En toe dit die eerste maand nie gebeur het nie, het sy Absoluut gehou, want hy het geweet dat hy met God gepraat het.

Die tweede maand, tweede jaar, tien jaar en by vyf en twintig jare later, toe hy 'n honderd en Sara negentig was, het sy Absoluut steeds gehou.

En die Bybel het gesê, toe sy lewensbeskrywing geskryf was, het hy gesê, "Abraham het nie deur ongeloof getwyfel aan die belofte van God nie, maar was sterk en het God geprys." Hoekom? Het jy ooit gedink hoekom? Hy was absoluut, positief en die enigste ding wat hy moes doen, was om homself van sy mense af te sonder. En God het hom nooit geseën totdat hy dit gedoen het nie. Hy het sy pappa geneem; die pappa het gesterf. Hy het Lot geneem; en toe—na Lot van Abraham afgesonder het, toe het God na hom gekom, gesê, "Nou, stap deur die land." Gehoorsaamheid, belofte onder voorwaardes, gaan altyd met God en Sy Woord.

Nou, kyk na . . . Laat ons Moses neem. Moses, die—die wegloper dienaar-profeet, wat God opgerig en opgevoed het in Farao se paleis en—en Moses het uitgegaan met sy teologiese opleiding en was—die eerste man, het hy doodgeslaan. Toe die eerste klein foutjie kom, toe was Moses doodbang. Hoekom? Hy het geen Absoluut gehad nie; hy het net sy—sy moeder se getuienis van sy geboorte gehad.

Hy was 'n snaakse kind; hy het sy moeder se woord daaromtrent gehad. Hy het die boekrolle dat God (miskien op papier iewers het hulle geskryf, saam met hulle geneem)—dat God Sy kinders sal besoek. Hy het geweet dat dit die tyd was, soos ons nou. Ons weet iets is besig om te gebeur.

Nou, Moses het geweet dat dit die tyd was en hy het geweet dat hy daarvoor gekies was; maar hy het nie 'n Absoluut gehad nie. Sien? En eendag aan die agterkant van die woestyn, toe hy sy visioen verloor het, het God in 'n brandende bos aan hom verskyn en gesê, "Moses, Ek het die beproewinge van My mense gesien; Ek het hulle gekerm gehoor en hulle geroep van daardie opsigters wat hulle straf; en Ek het My belofte onthou. Ek het afgekom om hulle te verlos; nou, gaan af na Egipte." O, goeiste!

Gesê—Moses klaend, het gesê,: "Ek praat nie baie goed nie; my—my spraak is nie baie goed nie; hulle sal my nie glo nie!"

Hy het gesê, "Wat is in jou hand?"

Hy het gesê, "'n Stok!"

Hy het gesê, "Gooi dit neer!" Dit het in 'n slang verander. Gesê, "Tel dit aan die stert op!" Dit het terug verander na 'n stok. Hy was besig om vir hom die versekering te gee, 'n bewys. Wanneer God 'n Absoluut gee, gee Hy altyd 'n regverdiging aan daardie Absoluut.

Toe, Moses, toe hy daar onder was en hy die stok voor die towenaars en die Farao neergegooi het (en die towenaars gekom en hulle stok ook neergegooi het), Moses het nie gehardloop en

gesê, "O wel, ek was verkeerd, ek—was net 'n goedkoop toorkuns en miskien was ek verkeerd," nie. Maar hy het geweet; hy was positief dat hy God ontmoet het; en hy het stil gestaan. Laat ons sê hy het presies gedoen wat God hom gesê het om te doen; so het Job presies gedoen wat God hom gesê het om te doen; Moses het Sy bevele gevolg. Staan dan stil en sien die glorie van God!

Moses was aan sy Absoluut gebind, sy opdrag, en hy het stilgestaan. En toe hy dit doen, het sy slang die ander slange ingesluk. Sien? Hy was aan daardie Absoluut gebind. God het gesê, "Wanneer jy die kinders verlos, sal jy My weer op hierdie berg aanbid."

En hoe sal die vyand op elke manier wat hy kan, wil probeer om jou weg van daardie Absoluut te kry. Reg toe hulle begin het uit Egipte, was hulle in 'n hoek gedryf reg in die nek van die—van die Rooi See—berge aan beide kante. Kom op deur 'n vallei en daar's die Rooi See—geen weg van onsnapping oor die heuwels, geen weg om te ontsnap *hierdie* kant en Farao se magte kom *die* kant. Wat 'n plek om te staan! Sien hoe die duiwel jou in 'n plek kry waar jy nie weet wat om te doen nie? Maar onthou, as jy aan daardie Absoluut gebind is, dit het dit. Moses het geweet dat God hom beloof het "Jy sal op hierdie berg aanbid wanneer jy hulle uitbring. En Ek het af gekom deur jou hand om hulle te verlos en hulle in daardie ander land te plaas." Hy het reg daarby gebly en God het 'n ooste wind gestuur en die waters uit die bodem van die see geblaas en hulle het op droë land oor geloop. 'n Absoluut!

Hoe kan ons deur die Skrifte gaan: Daniël, sy Absoluut; Sadrag, Mesag en Abednego, hulle Absoluut; Dawid, sy Absoluut. Almal—Absoluut!

Paulus het ook een gehad, die een waaroor ons lees. Hy het 'n Christus-gesentreerde roeping gehad en dit was sy Absoluut. Dis die rede waarom hy nie bang was oor wat Agrippa sou sê nie. Daar gestaan (en Agrippa was 'n Jood, soos ons weet)—en so toe—toe hy voor daardie konings en dinge gestaan het, het God alreeds aan hom gesê dat hy daar sou staan. So hy het 'n Absoluut gehad, so hy het die hemelse gesig presies vertel. Hy het gesê, "Ek's nie 'n. . . ek was nie oneerbaar teenoor dit nie. Ek was—het my nie misreken daarmee nie; ek het nie myself sleg gedra nie." Maar hy het vasgehou en was nie ongehoorsaam nie; hy het dit tot die minuut uitgevoer, want dit was 'n Absoluut. En enige Christus-gesentreerde lewe, dis jou Absoluut.

Nou, sedert die aangesig-tot-aangesig ontmoeting met Hom op die pad na Damaskus, dit was—het soveel vir Paulus beteken. Onthou nou, hy was voorheen 'n geleerde; hy was 'n magtige man in die Skrifte, maar hy het nie enige vasbindplek behalwe die Sanhedrin wat hom sou ondersteun, gehad nie en 'n—en 'n diploma van 'n—'n groot leermeester. Hy was 'n groot man in sy rigting, maar hy het gewag. Enigste ding wat hy gehad het,

sy absoluut sou net so sterk soos sy organisasie wees; dis al hoe sterker hy kon wees. En hy het getrou daaraan gewerk en het Christene geneem en hulle gebind en verwoesting onder hulle gesaai en selfs vir Stéfanus gestenig.

Ek dink later in sy lewe, die rede waarom hy na Jerusalem gegaan het, toe die profeet aan hom gesê het, "Moenie daarna toe gaan nie, Paulus, want kettings en 'n tronk wag vir jou," . . .

En Paulus het gesê, "Ek weet dit; maar ek gaan nie net na Jerusalem as 'n getuie nie, maar ek gaan soontoe; en ek is gereed om vir Jesus Christus te sterf," want hy het geweet wat hy gedoen het en sy ambisie was om sy getuienis met sy eie bloed te verseël—sterf as 'n martelaar, want hy het een van God se martelare doodgemaak.

En nou, was hy op sy pad af na Damaskus met al sy geleerdheid (het onder die groot leermeester, Gamaliël, gesit en hoedat hy onderrig was in al die Joodse godsdiens) en tog met dit alles, was hy onbestendig en het hy nie die bekwaamheid gehad om sekere dinge te doen nie. En meteens was daar 'n Lig, en 'n dreuning, miskien, in 'n donderslag, en hy was neergeslaan, en het op die grond neergeval. En hy—toe hy opkyk, was daar 'n Lig wat geskyn het en sy oë verblind het. En wat 'n eienaardige ding was dit!

Niemand anders het die Lig gesien nie, net Saulus. Dit was so—so werklik vir hom, tot Dit sy oë verblind het; hy kon nie sien nie, totaal blind met daardie Pilaar van Vuur gloeiend reg in die gesig. En hy het 'n Stem hoor sê, "Saulus, Saulus, hoekom vervolg jy My?"

Hy het gesê, "Here, Wie is U?"

Hy het gesê, "Ek is Jesus; en dis swaar vir jou om teen hierdie prikkels te skop. Staan nou op en gaan in na Damaskus; en daar sal een na jou gestuur word."

Toe, toe hy opstaan daarvandaan (en daar was een, 'n profeet, onder in die stad wat 'n gesig gesien het, terwyl hy gebid het en hy het gekom) Ananías het gekom en ingekom na Saulus, sy hande op hom gelê en hy was gesond gemaak deur Goddelike genesing. Hy het toe opgestaan, was gedoop, sy sondes weg gewas, het die Naam van die Here aangeroep; en toe het hy 'n Absoluut gehad. Hy was nooit daarna dieselfde nie. Hy het reguit van kerk tot kerk, van plek tot plek, gegaan om te probeer om op te bou dit wat hy probeer het om af te breek.

Hoe het die volk, hoe het die Christen wêreld vanmôre daardie tipe Absoluut nodig. Diegene wat geloof en tradisie behandel, het probeer om—met leerstellings van die mens, die Woord van God te diskwalifiseer as dieselfde gister, vandag en altyd. Hulle het 'n Absoluut nodig, 'n ondervinding van ontmoeting op 'n Damaskus pad, die Lewende God wat die siekes

kan gesond maak en die dooies laat opstaan en duiwels uitdryf —'n werklike Absoluut.

Paulus het geweet dat iets gebeur het; daar was niemand wat dit van hom kon wegneem nie. Niks anders het saak gemaak nie; hy was vasgebind en dit was al. Maak nie saak wat kom nie, hy het geweet hy was vasgebind—Christus gesentreerde lewe! O, die lewe wat hy geleef het was 'n ander lewe.

Onthou nou, hy was 'n godsdienstige man gewees. En aan sommige van julle mense vanoggend (en ek weet julle besef dat hierdie band gemaak word, sal speel in elke volk onder die hemele, ongeveer, rondom die wêreld); en sommige van julle mense wat hier is, teenwoordig; en sommige van julle daar buite waar die bande gespeel sal word in ander volke deur 'n tolk (gee dit aan die stamme van Afrika, terug in die Hottentots en—en in—oral rond); en aan julle godsdienstige leiers wat pas 'n opvoeding van die Bybel het (julle het dit vanuit 'n historiese standpunt en mag al hierdie dinge kan verduidelik); maar, as julle nie 'n Absoluut het nie, het nie 'n—'n ondervinding (en as daardie ondervinding wat—wat jy beweer jy het, veroorsaak dat jy ontken dat elke woord hiervan nie net so trou tot die kerk vandag is soos Dit ooit was nie), en jy vertrou op jou BA graad, of wat ook al jy mag hê; as jy vertrou op die gedagtes van jou organisasie (wat sou sê, "Die dae van wonderwerke is verby; en ons het geen goddelike genesing; en die doping van die Heilige Gees soos hulle dit op die dag van Pinkster ontvang het is nie vir die mense van vandag nie"); as dit al is wat jy het, my geliefde broer, suster, het jy 'n Damaskuspad-ondervinding nodig!

Jy het nodig om hierdie Lewende God te ontmoet waar jy—nie slegs net 'n mitiese gedagte in jou brein nie, nie een of ander rilling of een of ander soort van sensasie nie, maar 'n onderrigte en ondervinding van 'n egte werklike . . . Dieselfde Jesus wat in Galilea gestap het, leef vandag en vir ewig, en Hy is dieselfde gister, vandag en vir ewig—'n Absoluut, sodat jy nie hoef te neem wat enigiemand gesê het nie, jy weet vir jouself, nie een of ander sensasie nie.

En as die sensasie wat jy gehad het—en as iemand (dit mag 'n regte Bybel-sensasie gewees het)—en iemand het probeer om dit van jou weg te verduidelik, sê dat daardie dinge in een of ander dag was, wees versigtig! Dit is waar, wees versigtig! Maar daar is 'n manier om te weet. Toets dit met die Woord; Dit is die Bloudruk!

As die huis teenstrydig met die bloudruk opgaan, sal die kontrakteur dit afbreek en herbou. Maar dit moet na die bloudruk gaan.

Maak nie saak wat jou ondervinding dan is nie; as iets in jou vir jou sê dat daardie Bybel nie waar is nie, daardie krag van God, apostels, profete en onderwysers en pastore en die gawes

van die Gees net nie dieselfde is as wat Dit was toe Dit deur daardie apostels by Pinkster gevloei het nie, is daar iets verkeerd met jou absoluut; dit moet aan 'n denominasionele geloof bind, in plaas van aan God se Bybel, toe Hy gese het, "Beide hemele en aarde sal verby gaan, maar My Woord sal nooit faal nie."

Kyk wat jou absoluut is. Jy mag absoluut seker wees dat jy in goeie gemeenskap met die pastoor verkeer; en mag absoluut seker wees dat jy in gemeenskap met die distrik ouderling is; dit mag absoluut seker wees dat jy in gemeenskap met die biskop, of een of ander ander groot man in jou kerk is; maar as jy nie is—jou Absoluut nie Jesus Christus is nie. . . "Want op hierdie rots sal Ek My Absoluut sit en die poorte van hel sal nie Daarteen kan oorwin nie"—geestelike openbaring van Wie Hy is en om Hom te ken. Nou goed!

O, nou, wanneer jy soos Paulus word, dieselfde Absoluut het wat hy gehad het. . . 'n Christus-gesentreerde lewe is 'n ander lewe as wat jy eers gehad het; en dit mag 'n baie godsdienstige lewe wees wat jy leef.

O, ek het mense hoor sê, "Nou, hulle is baie godsdienstig." Dit het nie een ding daarmee te doen nie! Ek het pas baie godsdienste gesien, baie vroom, baie keer meer opreg as wat die Christen-mense van vandag bely.

Wanneer 'n moeder haar klein, vet, swart babatjie kan neem (omtrent *so* lank) en dit binne in die mond van 'n krokodil gooi vir die liefde van haar god, wonder ek hoe opreg Christelikheid is. Wanneer 'n man homself kan teister op so 'n manier, 'n duisend hoeke deur sy vlees steek, soos dit (hangende met waterballe, hom so onder hou), en stap deur 'n strook vuur, van hier tot die end van daardie tabernakel (vorentoe en agtertoe en dis wit warm, so gewaai), vir die offer van sy god ('n afgod daar met robyn-oë in ensovoorts), wonder ek waar Christelikheid is. So moenie dink dis *opregtheid* nie; dis nie opregtheid nie. Opregtheid is goed as dit op die regte ding geplaas is.

Soos 'n dokter wat medisyne gee, hy mag vir jou arseen gee, opregtelik; en hy mag vir jou swaelsuur gee, opregtelik; jy mag jou voorskrif verkeerd ingevul hê en jy mag dit in opregtheid neem, maar dit red nie jou lewe nie. Sien? Nee, meneer! Jy moet weet wat jy doen. En enigiets teenstrydig met God se Woord, ek gee nie om wat dit is en hoe lank dit al bestaan nie, dis steeds verkeerd.

Petrus gee aan hulle 'n Ewige Voorskrif op die dag van Pinkster. Hy het gesê, "Bekeer julle elkeen en word in die Naam van Jesus Christus gedoop vir die vergewing van julle sondes en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang; want hierdie voorskrif is aan julle en julle kinders en aan hulle wat ver is, self soveel soos die Here ons God sal roep." Dis reg! Dis 'n Ewige Voorskrif.

Nou, sommige kwak aptekers kan dit in die hande kry en jou doodmaak. Sien? Sekerlik! Julle weet, daar's so baie gif in 'n voorskrif, om die kiem te vergiftig en die—die dokter weet net hoeveel kan—jou liggaam kan uithou. As hy oorvergiftig, sal dit jou doodmaak. En as jy nie genoeg daarvan het nie, dan wat sal dit doen? Sal jou geen goed doen om die medisyne te neem nie. Hy weet wat jou liggaam kan uithou.

Nou, en dis hoe hierdie voorskrif van God is. Maak nie saak hoeveel iemand anders sê dit moet op *hierdie* manier of *daardie* manier gedoen word nie, moenie dit glo nie. As jy die Woord presies tot die letter volg, dit is dit. Dis reg! Hou Daaraan vas.

Nou, ons het die—diegene wat sê jy moet besprinkel word. Hulle het diegene wat sê jy moet die titels van Vader, Seun en Heilige Gees gebruik; daar's nie so 'n ding in die Bybel nie, nie so 'n plek waar enigiemand ooit in die Bybel op enige ander manier gedoop was behalwe in die Naam van Jesus Christus nie. Dis 'n dogma wat bygevoeg was in die Rooms Katolieke Kerk en is afgedra deur tradisies. (Ons sal dit vanaand tref.)

Maar let op, te midde van dit alles, bly die voorskrif bestaan. Dis waarom ons so baie siek kinders het, want hulle luister nie na wat die Dokter gesê het nie. Die Absoluut, wanneer jy Daaraan vasgebind is, dis dit; Dis God se Woord; Dit kan nie faal nie. Christus-gesentreerde lewe, baie godsdienstig, maar dit was nie Christus-gesentreerd nie; so baie van ons het dit vandag.

En wanneer jy hierdie Christus-gesentreerde lewe kry, laat dit jou dinge doen wat jy nie gewoonlik sou doen nie. Dit laat jou anders optree as wat jy gewoonlik sou optree. Ek bedoel nie verspot optree nie; ek bedoel in die Gees optree, iets wat werklik is, iets wat opreg is. En as jy iemand sien verspot optree, weet jy hulle sit net iets aan. Hulle probeer net namaak waar daardie werklike ding is.

Wanneer julle 'n vals dollar sien, onthou daar is 'n goeie dollar waarvan af dit gemaak is. Sien? Wanneer julle 'n valse sien, is dit absoluut 'n skaduwee van iets wat werklik is; dis iets wat—wat werklik is waarvan dit nagemaak is.

Let op, dit laat jou dinge doen wat jy nie gewoonlik sou doen nie. O, dit—dit is iets. . .Jy is seker, jy is baie seker daarvan wanneer jy hierdie Absoluut kry; jy is positief daarvan. Jy neem nie wat—iemand anders se ondervinding nie. Dis die rede waarom Christelikheid geword het soos klein kindertjies in die Bybel en nie (verskoon my)—klein kindertjies in die skool. Hulle probeer om af te skryf by mekaar; en as daardie ou verkeerd is, is die hele ding verkeerd. Sien? Jy het die hele klomp van hulle verkeerd. O, goeiste, moenie namaak nie; ontmoet Hom self.

'n Goeie vriend van my, staan daar agter, is 'n ou—is 'n seun van 'n vriend van my, 'n lewenslange vriend, klein Jim Poole. Wel, sy pappa en ek was—het saam groot geword in die skool en o, wat

'n goeie man. Klein Jim en ek is altyd besig om te bid dat groot Jim 'n Christen sal word, 'n regte gelowige. En klein Jim en ek was gister besig om te praat oor waar ons God in die woude vind en Hom in die natuur sien. Daar is waar jy Hom vind, want Hy is 'n Skepper en Hy is in Sy skepping.

En ek onthou, Jim en ek het gegaan—gaan—wou gaan jag. En wanneer die nag kom, wel, ons het afgegaan, ons fietse geneem en reg af in die straat hier gery, (tot die dood toe bang om die begraafplaas na dit donker geword het, verby te gaan), en afgegaan en vir ons 'n roomys gekry.

En Jim hou daarvan om biljart te speel. Nou, ons was net seuns tien, twaalf, veertien jaar oud. En toe, Jim het daarvan gehou om rond te sit en storieboeke oor jag en lokvaljag te lees. En ek sou rond sit en dagdroom (sien?) oor . . . En nou, sommige van die seuns kan my sien. En ek sou 'n klein hutjie iewers sien en ek sou sê, "Man, dit sou 'n goeie hut wees om in die berge te hê." En ek het altyd gedroom dat ek eendag 'n hut in die berge sal hê, 'n groot klomp honde en—en 'n paar gewere. Ek het altyd gedink, "As ek 'n 30-30 sommige van my tyd kan besit . . ." Gedink, "Hoe in die wêreld sal ek ooit 'n klein 30-30 geweer besit?" En die ander dag, gestaan, gekyk teen my muur en gesien daar sommige van die beste gewere wat kan gekry word, ek het gedink, "Verbasende Genade!" Ek het gedink, "Ek sal myself oplei om te skiet en goed te skiet. En dan, miskien een of ander tyd—'n tog in die berge te neem, 'n goeie jagter sal my saamneem net om soort van 'n (want hy sou sy lewe wou beskerm miskien teen 'n stormende beer; hy was nie te seker nie, 'n ryk man)—sou my saam neem, net om saam met hom te gaan, soort van 'n lyfwag. Miskien eendag sal ek in Afrika kan jag as 'n lyfwag. As ek net kon oefen. Dis die enigste ding wat ek kan doen is om te oefen om 'n goeie, stewige skut te wees. "O," en ek het gedink, "God, dink daaraan, U laat my oor die wêreld jag. Wat 'n wonderlike ding!"

Jim het gesit en die boek gelees.

En ek het gesê, "Jim . . ."

Hy het gesê, "Ek—ek—ek hou daarvan om daaroor te lees."

Ek het gesê, "Jim, dis wat iemand anders gedoen het; ek wil dit self doen; ek wil die ondervinding hê!" Toe ek tot Christus gekom het kon ek nie iemand anders se ondervinding neem nie; ek wou dit self hê.

Ek onthou toe ek Zane Grey se *Lone Star Ranger* gelees het. Ek het twee of drie van Mamma se besems stukkend geskeur, rondom die huis gery, galoppende, toe was ek op hierdie stokperd-besem. Ek—ek het daardie storie van—van die lone star ranger gelees en hoe hy die gereg na die Big Bend gebring het.

Toe het ek Edgar Rice Burroughs se fiksie storie van *Tarzan and the Apes* gelees. Moeder het 'n ou pelsmat gehad, 'n robvel

mat of so iets wat Mev. Wathen haar gegee het van die vuur. En dit het in haar kamer gelê en ek—ek—ek het daardie mat net uitgeneem (Mamma het geweet die wind het dit nie uitgewaai nie). En ek het dit uit geneem en dit opgesny en vir my ’n Tarzan pak gemaak en bo in die boom gesit. Ek—ek het die helfte van my tyd in ’n boom geleef, buite in hierdie Tarzan pak. Omdat ek gesien het wat hy gedoen het, wou ek dit ook doen.

Maar eendag deur die genade van God het ek die regte Boek, die Bybel, in die hande gekry. My lied en storie was gewees: “Om soos Jesus te wees; op aarde verlang ek om soos Hy te wees.” Ek wil nie ’n biskop, of ’n—of ’n belangrike persoon in die kerk, ’n pous, of ’n priester wees nie. Ek wil soos Jesus wees.

’n Absoluut, dit maak jou anders. Daar’s iets omtrent dit, om Sy Woord te lees en . . . Iets in jou hart, jy verlang om soos Hy te wees. Jy’s seker . . . Dis soos . . .

Die Absoluut vir die Christus—die Absoluut vir die Christen is soos die . . . dit—dis soos die anker in die skip. Ja, jy—jy moet ’n absoluut hê. En as Christus jou Absoluut is, is dit soos die anker wat wanneer jy . . . Die see is baie rof en die skip is omtrent reg om te sink en jou—enigste een hoop wat jy het is om anker te gooi. En dan, as die skip rondrol (sien?), as—die anker sal die skip hou. Julle weet, ons het ’n lied (ek vergeet die skrywer se naam nou, maar . . .): *My Anker Hou*.

Soos die klein seuntjie (soos ons baie keer gedink het) wat die vlieër gevlieg het, jy kon niks sien nie, maar hy het die tou gehad. En ’n man het verby gegaan en gesê, “Wat doen jy, Seuntjie?”

Hy het gesê, “Ek vlieg my vlieër.”

Hy het gesê, “Wat het jy in jou hand?”

Hy het gesê, “Die tou!”

Gesê, “Waar is die vlieër?” Gesê, “Ek sien dit nie. Wel, hoe weet jy dat jy ’n vlieër vlieg?”

Hy het gesê, “Ek kan dit voel, dit pluk.” Sien? Aan die end van die tou was daar ’n absoluut. Op sy klein manier, was daardie vlieër sy absoluut, so hy kon sê hy was besig om ’n vlieër te vlieg; al kon hy dit nie sien nie, maar hy het iets hou vas wat ’n houvas daarop gehad! Dis die manier waarop ’n man, wanneer hy wedergebore is deur die Heilige Gees, hy het ’n houvas op Iets wat ’n anker daar buite het; en die storms skud hom nie. Hy weet hy is reg; hy is geanker. Reg!

Nou, as ons in ons klein skippie is, drywend oor die lewe se ernstige oseaan . . . Soos die groot digter gesê het dat:

Die lewe is nie ’n leë droom nie!
En die siel is dood wat sluimer,
En dinge is nie wat hulle blyk nie.
Die lewe is werklik! En die lewe is ernstig!
En sy graf is nie sy doel nie;
“Want stof is jy, keer terug tot stof,”
Was nie gespreek omtrent die siel.

O, ek dink dis so mooi. Nou, Longfellow het daardie *Psalm van die Lewe* geskryf. Sien?

Seilende oor die lewe se ernstige oseaan,
Vir verlate en geskipbreukte broer,
Siende, sal weer moed skep.

Sien? Nou, ons is aan boord, seilende op die lewe se ernstige oseaan; en Christus, aan die skip oor die storms van tyd . . . Wanneer die storms swaar raak en hulle rondgeslinger word, is ek bly dat ek ’n Anker het wat binne die sluier daar anderkant hou, iewers; selfs nie die dood kan jou Daarvan wegpluk nie. Jy is aan jou Absoluut vasgebind.

Christus is ons Anker. Wat is Hy? Hy is die Woord.

*In die begin was die Woord, en die Woord was met God en die Woord was God.*

*En die Woord het vlees geword en het tussen ons gewandel, . . .*

Dan as ons weet dat ons handelinge presies met die Woord is, ons weet dat ons onderrigting volmaak met die Woord is (voeg niks by nie of neem niks nie, net die Woord); en ons sien dieselfde resultate (wat andere wat aan dieselfde Woord geanker is) leef uit in ons lewe, dan hou jou anker. Die Lewe van Christus word weer voortgebring op amper ’n verpersoonlikte manier deur jou soos dit in Christus was, want dit was God in Christus wat die Wêreld met Homself versoen het . . . En jy sien God in jouself, besig om daardie selfde skip op die Woord te hou, net presies op die manier wat Jesus het, en jy sien Sy Lewe . . .

“Die werke wat ek doen, sal julle ook doen. Hy wat glo (nie hy wat *maak of hy glo* nie, hy wat *dink hy glo* nie, maar hy wat glo)—hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen.” Hoekom? Hy is geanker aan dieselfde Rots. Wat was die Rots? Die Woord, altyd! Jy is daar geanker.

Dis jou Noordster wanneer jy verdwaal op die see. Julle weet, ons het ’n klomp sterre, maar daar is net een seker ster, en dit beweeg nie; dis die Noordster, want dit sit in die middel van die aarde. Maak nie saak of jy aan die agterkant, bokant, waar ookal jy is, daardie Noordster is net dieselfde. Dis jou Noordster.

Nou, sien julle? Daar’s baie sterre wat van plek tot plek skuif. Maar as jy in ’n—op die see, hoekom, enige seeman weet, of enige jagter wat deur die woud swerf, weet dat jou Noordster jou—jou

plek is; dis al. Dan, dis soos jou—jou—jou kompas. Jou kompas sal nie na Mars, of Jupiter, of iewers wys nie; dit sal na die Noordster wys. Hoekom? Dis jou absoluut.

O, goeiste! Let op, jou absoluut. O, ek gaan iets sê; ek voel dit net aankom. Let op! (Ek voel baie godsdienstig op hierdie tydstip, dit is die versekering.) Let op! Jou kompas kan net na die Noordster wys. Dis die enigste plek waar dit kan wys. As dit 'n egte kompas is sal dit die Noordster elke keer tref. Is dit reg? As jy dan die Heilige Gees het, kan dit slegs na die Woord wys! Dit sal nooit na 'n denominasie wys nie; Dit sal nooit na 'n geloofsbelydenis wys nie; Dit sal dit nooit weg wys iewers heen nie; Dit sal reguit na die Woord wys! (Ek voel om te skree!)

Let op, dis—dis iets binne-in 'n mens, kloppend, wanneer jy jou Ster daar ver sien sit, Jesus Christus, die Woord. En jy sien die Gees wat in jou is, sal Dit nie regs of links laat beweeg nie. Dis die enigste Een wat kan . . . Hy kom om die dinge van God te neem en hulle te wys, hulle te manifesteer.

En Jesus het gesê, "Hy sal net presies die dinge doen wat Ek sê. Hy sal aan jou die dinge wat moet kom, openbaar, (wys jou voor die tyd, voor dit hier kom. Sien?). Hy sal die dinge wat Myne is, neem en hulle aan jou wys. En dan, sal Hy die dinge wat moet kom aan jou wys." (Johannes 15)

Ons sien dat Hy die dinge wys; en Hy neem die dinge wat God s'n is en sal hulle aan jou wys; en Hy sal aan jou die dinge wat Jesus gesê het, openbaar. Met ander woorde, Hy sal die ding verstaanbaar maak. (Plaas dit daar in die hoek vanaand, want dis wat ons oor 'n klein rukkie gaan gebruik.) Maak seker, maak dit positief (sien?) dan weet jy as jy—jou Noordster, wat die Woord is vir enige Christen . . . Enigiets teenstrydig met die Woord . . .

Kyk! Laat my julle iets vertel. Luister goed hierna. Dit is die volle Goddelike openbaring van God, Sy wil, en die koms van Christus; en alles lê reg in hierdie Boek, voltooid. En as enigiets jou Daarvan wegtrek, gooi daardie kompas weg, want dis net 'n geloof; dis net 'n organi—dis net 'n papier wat jy in jou sak dra, wat hang in jou kamer, geraam; dis 'n geloofsbelydenis! Man, vind daardie Kompas wat jou na die Woord wys! Amen!

Julle let op, toe hierdie ondervinding vir Paulus tref, het hy afgegaan in Egipte en Arabië iewers en vir drie jaar gestudeer. Glorie! Whew! Hy moes positief wees. En toe hy gesien het, toe die Heilige Gees hom woord vir woord gerig het, kon hy daardie Boek van Hebreërs skryf en daardie Jode wys. Sekerlik! Hoekom? Hy was gesentreerd; daardie Kompas van die Heilige Gees het hom reg op die Noordster gesit.

Nou, as jy iets het wat jou Daarvan af trek, beter jy dit uitlos! Dit . . . ? . . . Dit sal na Sy Woord wys en slegs na Sy Woord, want die Heilige Gees het gekom om God se belofte te manifesteer of regverdig. Daar is geen geloofsbelydenis wat dit sal doen nie;

geen organisasie sal dit doen nie; geen kragte of niks kan dit doen nie, net die Heilige Gees deur die Woord; en Hy is die Kiemsaad.

Nou, jy neem 'n graankorrel, 'n mooi graankorrel, maar dit kan nie—niks doen nie; dis dood totdat die kiem daarin kom, dan bring dit baie graankorrels voort. En Christus is daardie Lewe, daardie Absoluut. As die koring nie daardie Absoluut in het nie, sal dit nooit opkom nie. As daardie koring nie daardie Absoluut het nie, mag tog te mooi wees aan die buitekant, maar dit kan nie lewe nie, want daar is niks daarin om deur te lewe nie. Maar wanneer dit daardie Absoluut kry, kan dit kyk in die gesig van alle kritikusse en sê, "Ek sal weer opstaan." Hoekom? Want dit het die Absoluut. Dis daarin; dit moet weer opstaan.

En as dit . . . "As julle in My bly en My Woorde in julle, vra dan wat julle wil." Dis daardie Absoluut. Maar as jy geloofsbelydenis en alles anders daarin opgeknoop het . . . Jy kan nie olie en water meng nie. Jy kan dit net neem en breek op enige manier wat jy wil; dit sal nooit meng nie, want dis twee verskillende chemikalieë. En jy kan nie geloofsbelydenis en die Bybel, teenstrydig met die Bybel, maak meng nie. Jy kan nie denominasie en vrygebore godsdiens—of vrygebore verlossing saam meng nie, want so seker, God deel net . . . Ek gaan dit in elk geval sê.

God breek nooit Sy program nie. Hy kan nie breek nie, want Hy's oneindig. En ek besef, julle weet, ek—dit gaan voor baie mense. Sien? Maar God kan nie Sy program breek nie. Hy kan nie een dag iets doen, en dit verander en iets doen, en sê dat Hy verkeerd was daardie dag nie.

God werk nie met groepe mense nie; God werk met 'n individu, want die mens het verskillende idees; hy is anders opgebou in die natuur. En God moet daardie man neem en hom rondgooi en hom rondtrek uit homself uit, tot Hy hom in Sy natuur kry; en dan werk God met daardie persoon.

Kyk af deur al die eeue, Noag en Moses, die profete, nooit twee van hulle tegelykertyd nie—een, altyd die hele pad af deur die eeue. Daarom, as jy sê, "In die menigte van raadgewing is daar veiligheid" . . . Kyk dit!

Soos ek nie lank gelede hier by die tabernakel gepreek het, daar was Agab, en daar was Jósafat. En hulle was op pad na Ramod in Gilead om terug te stoot . . . Fundamenteel was hulle reg; die land het aan hulle behoort. En die—die vyand, die Siriërs, was daar bo besig om hulle kinders se maag vol te maak met die koring wat die Israeliete moes eet—God-gegewe eiendom. So fundamenteel het dit goed geblyk. "Gaan met my, en gaan op daar en ons sal hulle van die land afstoot." Wel, dit klink baie goed; fundamenteel was dit reg, maar dis omstandighede.

Jósafat, wat 'n goeie man was, het gesê, "Maar behoort ons nie die Here te raadpleeg nie?"

Natuurlik, Agab, daardie afvallige het gesê, “Wel, sekerlik” (grenslyn gelowige, julle weet). Gesê, “O sekerlik, ek moes daaraan gedink het. Ek het vier honderd Hebreeuse profete—vier honderd van hulle voed ek, sien om na hulle. Hulle is die beste wat daar is in die land. Ons sal hulle op bring.”

En almal van hulle saam het eensgesind gesê, “Gaan op; die Here is met julle.” Fundamenteel was hulle reg, maar hulle het nie daardie Absoluut ontvang nie.

Toe hy dan sê, “Is daar nie nog een nie?” . . .

Gesê, “Ja, daar’s nog een, maar ek haat hom.” Hy het gesê, “Hy’s altyd besig om onheil oor my te vertel (sien?), sê altyd . . . ”

Hoe kon hy goed profeteer, as die hele Woord . . . ? Elia, wat voor hom was, het aan Agab gesê, “Die honde sal jou bloed lek.” Nou, hoe kon daardie reguerdige profeet enigiets sê wat nie die wil van God was nie? En hoe dat die honde Isébel sal eet en die mis sou op die velde wees, sodat hulle nie kon sê, “Hier lê Isébel” nie. Met so ’n vloek op ’n man, hoe kon enigiemand anders seën?

Dis hoe dit vandag is. Hoe kan ’n man hierdie dinge wat mense die heeltyd verder van God neem seën? Daar is net een ding om te doen. As jy by jouself moet staan, vervloek die ding in die Naam van die Here en bly daarby, as jy absoluut . . .

En jy sê, “Wel, Broer Branham, jy maak dat mense jou haat.”

God sal my liefhê. Dis—dis my Absoluut. Kan nie op ’n arm van vlees rus nie, jy moet op die Woord rus, wat God gesê het om te doen.

Hoe het Miga geweet dat hy reg was? Hy het gewag; hy het ’n visioen gesien. Hulle het ook ’n visioen gehad, maar die visioen het nie met die Woord vergelyk nie. En vandag dieselfde ding. Miga het sy visioen met die Woord vergelyk en toe het hy gesien dat hy en die Woord saam was. Vandag, as jou visioen teenstrydig met die Woord is, los dit uit, want dis ’n verkeerde absoluut. Miga se absoluut was presies met die Woord, so hy kon staan en sê, “Hy . . . ”—wat hy gesê het en—en dit glo. Toe hulle hom op die mond geslaan het en gesê het, “Waarheen het die Gees van God gegaan?” Hy het gesê, “Julle sal dit uitvind wanneer julle in die binnekamer sit.” Reg.

Hy het gesê, “Wanneer ek in vrede terugkom . . . Julle sit hierdie man in die binneste tronk en wanneer ek in vrede terug kom,” het Agab gesê, “sal ek met hierdie man handel.”

“O nou, Miga, wat daarvan? Jou kop sal afgekap word wanneer hy terugkom!”

Miga het daar gestaan net so ferm as wat Stéfanus het (Amen!), net so gewillig as wat my Here na die kruis geloop het, net so maklik as wat Daniël in die leeukuil in gegaan het, of Sadrag, Mesag, Abednego na die vuuroond gegaan het. Absoluut! Hy het daar gestaan en gesê, “As jy ooit terugkom . . . ”

Hoekom? Hy was absoluut... "As jy ooit terug kom, het God nooit met my gepraat nie. Kap dan my kop af."

Hy het 'n Absoluut gehad. Hy het geweet dat sy Kompas, wat hom gelei het na hierdie visioen, presies met die Noordster was. Ja, meneer! Sy anker het gehou. Ja, die Woord en slegs Dit...

As jou Absoluut, as jy 'n Absoluut in jou lewe het...

Daar was 'n tyd toe, julle weet, toe etiket 'n absoluut gehad het. Ek kan nie aan daardie vrou se naam dink nie, maar die hele volk het vertrou op wat daardie vrou gesê het. (Ek het haar naam vergeet. Ek was besig om 'n nota hier te skryf; ek kon nie aan daardie vrou se naam dink nie—wat dit was.) Maar hier 'n paar jaar gelede moes hulle wees... Hierdie vrou, wat sy gesê het,... As sy gesê het om die mes in die linkerhand te gebruik, was dit—was dit so; dit was die absoluut. Sy was die—die antwoord van dit alles. En as jy jou vurk in die linkerhand moes sit, dan was jy absoluut verkeerd. Wat was haar naam? [Gemeente antwoord: "Emily Post"—Red.] O, sekerlik. Ja, dis sy.

Nou, jy was—jy was absoluut—en sy was—sy was etiket se absoluut. Dit moet so wees. Soos, o, baie dinge wat ons so vind. Maar ons vind uit dat dit nou weg is. Eet op die manier wat jy wil. Ja, meneer! Reg! Maar dit was etiket se absoluut. Jy moes dit op daardie manier doen.

Daar was 'n tyd toe Adolf Hitler Duitsland se absoluut was. Wat ookal hy gesê het... Toe hy gesê het: "Spring!" het hulle gespring; as hy gesê het: "Maak dood!" het hulle dood gemaak. Miljoene Jode, hy het sy kop geknik. Julle sien wat gebeur het met daardie soort van absoluut? Dit het soos mag gelyk, maar dit was teenstrydig met die Woord.

"Hoe weet jy dat dit teenstrydig met die Woord was?"

God het gesê... Was dit nie Bileam wat probeer het om af te kyk op Israel en dit te vloek nie, hy het gesê, "Ek sien hom as 'n eenhoring. Hoe regverdig is julle tente. Wie ookal julle vloek sal gevloek wees; wie ookal julle seën sal geseën wees."

Lyk of Hitler dit kon gesien het. Lyk of daardie Duitse Christene dit gesien het. Sien? Daardie absoluut... Absoluut teenstrydig met daardie Woord... Julle weet, soos dit gesê is, "Die mens—God het die mens gemaak, maar die mens het slawe gemaak"—een probeer om te heers oor die ander een. Ons het een Heerser, dis God.

Maar Hitler was Duitsland se absoluut. Kyk vandag daarna. Nou, sien wat gebeur het? Dit was 'n verkeerde absoluut. Hoekom? Dit was teenstrydig met die Woord! En nou, sien julle waar dit alles heen is? Skande.

En as jou absoluut in een of ander organisasie is, of een of ander sensasie, of iets anders behalwe die Persoon van Jesus Christus, sal jy tot dieselfde mate van skande kom, net

erger. Sien? As jou absoluut nie Christus is nie, dis die enigste Middelpunt van die menslike lewe; en Christus is die Woord, nie jou kerk nie, jou woord, die Woord. Sien? “Op hierdie Absoluut sal Ek My Kerk bou”—op Christus, die Woord.

Daar was ’n tyd toe Mussolini die absoluut van Rome was. Ek weet nie, ek mag ’n artikel gelees het of dit kon wees dat ek dit in ’n boek gelees het, of iemand het my vertel, maar toe iemand besig was om deur Mussolini ondervra te word, was hy—was hy—wou hy Rome in atleet—atletiek bring. En daar is ’n groot standbeeld wat daar gestaan het van hom oor atletiek. Dis alles reg! Griekeland het daardie idee baie jare gelede gehad. Rome het altyd probeer om dit te hê. Atlete is goed, maar—maar—atletiek, maar—maar onthou, dit sal nie die plek van Christus neem nie. Maak nie saak hoe sterk jy is nie, dit het niks daarmee te doen nie. Hy is die al-krag.

En sien julle waarop hy Rome probeer bou het? En hy het probeer om Rome op die ding van ’n absoluut te bou; dat hy daardie absoluut was. En hulle het gesê dat sy—sy motor—sy motorbestuurder was eendag een minuut vroeg, en hy het hom geskiet. Gesê, “Ek het nie gesê om een minuut voor nege hier te wees nie; ek het gesê om nege uur hier te wees!”—plowy! en het hom geskiet. Sien? “Ek wil jou nie een minuut voor die tyd hier hê nie; ek wil jou om nege uur hier hê!” Sien? Kyk hoe ’n absoluut hy van homself probeer maak het. Maar sien julle wat gebeur het?

Onthou julle (baie van julle hier, die ouer garde, Roy Slaughter miskien en langer terug as dit)—onthou daar onder toe ek julle vertel het deur profesie? Eendag daar onder by die Odd Fellowsgebou, voor ons ooit hierheen gekom het, het ek gesê, “Mussolini sal tot ’n skandelike einde kom.” Ek het gesê, “Sy eerste inval, sal hy na Ethiopië gaan; en Ethiopië sal val onder sy voete, maar hy sal tot sy einde kom en niemand sal hom help nie; en in skande sal hy begrawe word.” Daar is hy.

Ek het gesê, “Daar’s drie ismes wat opgestaan het, Nazisme, Fascisme en Kommunisme.” Ek het gesê, “Daardie ismes sal omdraai en terugkom na een; dit sal kommunisme wees. Hou dop! Kommunisme sal Rome brand.” Sien? Hou julle dit dop. Dis ’n werktuig in God se hande. Hulle dink hulle is teen God en hulle werk al die tyd reg daarin, weet dit nie. Hy is net besig om hulle as ’n marionet, ’n werktuig in Sy hand, te gebruik, soos Hy Nebukadnésar en baie van die ander gebruik het.

Let nou op! Sien? Nou, daar was ’n tyd toe Farao Egipte se absoluut was, maar kyk waar dit nou is. Sien? Dit faal alles. O, dis ’n verkeerde soort, so hulle faal altyd. Hulle is ’n mensgemaakte absolute. Jy kan nie ’n mensgemaakte absoluut neem nie, ek gee nie om of dit ’n—’n president, of dit ’n diktator, of dit ’n koning, of dit ’n kerk, of dit ’n organisasie, of dit ’n geloofsbelydenis is

nie, enige van daardie dinge sal vergaan, net soos al die absolute van daardie soort deur die eeue.

Ons kan terug kyk . . . Kyk terug! Kyk na mense wat op die keisers vertrou het; kyk na mense wat die diktators vertrou het; kyk na mense wat hulle hoop op daardie soort van absolute gebou het; *en kyk waar hulle vandag is*!

Nou, kom ons draai onsself om en kyk na die mens wat hulle hoop op die Bybel geplaas het, op God se Woord en Dit vir 'n Absoluut vasgehou het; kyk waar hulle nou is.

Paulus gee vir julle 'n klein opsomming van hulle in Hebreërs die 11 de hoofstuk: wat hulle gedoen het, hoe hulle koninkryke onderwerp het, regverdigheid bewerk het, ensovoorts; en hulle het in skaapvelle en bokvelle rondgedwaal, van wie die wêreld nie waardig is nie, wagtend in die heerlikheid vir daardie groot Opstanding. Sien? Reg! Want hulle . . . Sommige van hulle het nie—het nie hierdie wonderwerke verkry nie, en hulle het hulle liggame in elk geval gegee, het uitgesien na daardie opstanding. Om hulle lewens te beëindig, hulle het nie daarvoor omgegee nie; hulle wou aangaan en hulself offer, sodat hulle daardie Opstanding kon bekom; en dis wat hulle gedoen het.

Nou, absolute . . . Ons praat . . . Absolute . . . Julle weet, ons Hooggeregshof is 'n absoluut. Dis 'n absoluut; dis die—dis die finale einde van alle argumente in hierdie volk. Dis reg. Hulle besluit is 'n absoluut, in ons Hooggeregshof. Dis reg. O, ek weet dat ons soms nie daarvan hou nie, maar dis—dis in elk geval 'n absoluut. Ja, meneer. Wat as ons dit nie gehad het nie, wat dan? Maar dis 'n absoluut. Is sekerlik. Hoekom? Dis—ons volk is daaraan vasgemaak.

As daardie Hooggeregshof eindelik hulle finale besluit maak, dis dit; daar is geen . . . Waar gaan jy heen daarna? Jy gaan hulle besluit volg, dis al; jy moet. Hulle is die laaste woord; hulle is die "amen."

Jy kan dit in die plaaslike stadshowe probeer; jy kan dit in magistraat probeer en dan na federale—na allerhande howe en na federale howe gaan, maar wanneer ons na die Hooggeregshof gekom het, dis dit. Dis reg. Soms hou ons nie van—sê, "Wel, ek hou nie van hulle besluit nie," maar probeer jy om eenkeer daarvan af weg te kom. Dis die volk se absoluut. En wat as ons dit nie gehad het nie? Ja.

Ons moet 'n absoluut hê. Almal moet een hê. Julle het een. Maar wat ek probeer om vir julle te sê, agtergrond daar en julle wys wat absolute is.

Nou, die volk se Hooggeregshof is die volk se absoluut. Dis die laaste ding in enige tipe van stryery. Hulle handel dit af. Wat hulle sê, dis dit.

Daar is 'n absoluut by 'n bofbalwedstryd. Dis die skeidsregter. O, ja! Soms hou ons ook nie van sy besluit nie, maar dis—dis—dis dit in elk geval. Die skeidsregter, sy besluit is die finale woord. Dis reg. Maak nie saak wat ander sê nie; as hy sê dis 'n slaan, is dit 'n slaan. Dis reg! Sekerlik. Maak nie saak wat andere sê nie, dit het niks daarmee te doen nie. En laat ons net dink daaroor. . . as jy. . . (ek gaan nie na bofbal wedstryde nie, maar ek het dit net vinnig neergeskryf.) 'n—'n Skeidsregter, hy is die absoluut by die bofbalwedstryd.

Een van hulle sê, "Dit was 'n bal!"

'n Ander een sê, "Jy is 'n leuenaar!"

Hierdie sê, "Dis nie *so* nie; hy behoort *so* te wees."

Die skeidsregter het gesê, "Slaan!"

Sien? Die res van hulle neem hulle plekke en sit. Hulle knaag, sommige van hulle. Maar ek verbeel my hulle "boe" hom, onder in hulle hart en dinge, maar dis in elk geval "slaan." Hoekom? Hy is die laaste woord.

Eerste bofman het gesê, "Weet jy dit, dit het verby gegaan!"

Die ander sê, "Jy weet dis wat. . . "

Hy sou sê, "Slaan!" Dis al. "Bly dan stil, gaan terug na julle plek."

Wat as daar nie 'n skeidsregter by daardie bofbalwedstryd was nie? O goeiste Kan julle jul voorstel watter soort wedstryd dit sou wees? Een van hulle het gesê, "Dit was 'n slaan!

'n Ander sou *dit* sê.

'n Ander sou *dat* sê.

'n Ander sou sê, "Jy is 'n leuenaar!"

Hulle sal stry en veg. Om 'n bofbalwedstryd te hê, moet jy 'n absoluut hê. En hy stap daaruit en maak nie saak of jy nie van hom hou of nie, hy—hy is in elk geval die absoluut. Hy is die absoluut; sy woord is finaal. Maak nie saak wat jy daar omtrent sê nie, dis so. Nou, as hulle nie het nie, sou die hele wedstryd tot chaos gekom het. Is dit reg?

Wat sou die volk gewees het as daar nie 'n federale hof was nie? Daar was nie Hooggeregshof in hierdie volk nie, wat sal dit gaan—waar sal dit heen gaan? Die volk sal in 'n chaos wees.

As daar nie 'n—as daar nie 'n skeidsregter by 'n bofbal wedstryd was nie, sou dit opeindig—jy sal nie die eerste gooi kon maak nie, tot iemand sou stry. Iemand staan daar en miskien het die—regtig reg op die plek gegaan en die ander ou sou sê, "O, nee! Nee, nee, nee! Dit het dit nie gedoen nie!" en dan daar gaan jy. Eerste bal wat gegooi was, sou hulle daaroor stry. Een van hulle sou sê, "Dit was 'n slaan!"

Hulle sou sê: "Dit was nie 'n slaan nie!"

Sien? Jy moet iemand hê waaraan die spel gebind is en dis die skeidsregter. Wanneer hy sê, "Slaan" is dit 'n slaan. As hy sê, "Bal!" is dit 'n bal. Wat ook al hy sê, dit gaan. Dis dit! En as jy dit nie doen nie, sou jy geen wedstryd hê nie.

Laat my julle 'n ander absoluut wys. Daar is 'n rooi lig, 'n rooi lig. As dit sê, "Stop!" beteken dit stop! As jy deur ry, gaan jy daarvoor betaal. Maar as hierdie stad nie enige ligte daar buite gehad het nie, stopligte, watter soort stad sou dit wees? Dit moet 'n absoluut hê. Ek gee nie om wat die polisieman of enigiemand anders wat daar staan sê nie; hulle is sekondêr.

As iemand kan bewys dat jy op 'n groen lig deurgegaan het, gee ek nie om wat die polisieman gesê het nie, hulle is verkeerd. As die lig gesê het, "Gaan!" dan beteken dit gaan. Dis die absoluut. Jy kan dit bewys, die lig het gesê, "Gaan!" Die polisieman mag daar iewers gestaan het, die burgemeester van die stad mag iewers, dit maak nie 'n bietjie verskil nie. As jy bewys het dat dit "gaan" was, gaan jy; en as iemand jou tref, is dit hulle fout. Jy kan dit bewys. Dis reg. Ons kan bewys waarvan ons praat. Dis reg.

Nou, wat as daar geen rooi lig was nie? Een sou opkom na 'n kruising, dit . . . Kyk wat dit sou wees. Een sê, "Haai, kom uit die pad uit; ek is haastig. Ek moet werk toe gaan; ek is nou laat. Ek gaan nou deur."

Ander een sê, "Jy dink net jy gaan, want ek is die een wat deurgaan, want ek was eerste hier." En ek kan 'n vrou sien uitklim en haar hare regmaak.

Wat as ons nie 'n rooi lig gehad het nie? Sou daar nie 'n verkeersknoop wees nie!

Dis wat verkeerd is met die kerke. Sien? Dis reg. Dis die rede dat ons so 'n denominasionele knoop het. Dis presies reg. Niemand kom êrens nie, hulle staan, en stry.

Hier is God se lig. As Dit sê, "Gaan!" gaan. As Dit sê, "Stop! Dis ver genoeg!" stop dan. Dis reg. Dis waarop ons gebaseer is, Daardie, daardie Woord, nie wat een of ander klomp mense gesê het nie of wat een of ander ander klomp mense gesê het nie.

Jesus het gesê, "Hierdie tekens sal hulle wat glo, volg." Kom ons gaan! "Gaan julle na die hele wêreld, preek die Evangelie aan elke skepsel."

Julle weet, so goed soos geleerdheid is, maar Jesus het dit nooit vereis nie. Dis reg. So goed soos kerke is, geboue, Hy het dit nooit vereis nie. So goed soos hospitale was . . . Ons—die kerke het hospitale gebou. Dis alles reg, ons waardeer dit, maar Hy het dit nooit vereis nie.

Hy het aan die Kerk gesê, "Preek die Evangelie." En die Evangelie het nie slegs in Woord gekom nie, maar deur krag

en manifestasie van die Woord. Paulus het so gesê. Gaan manifesteer dan die Evangelie. O, goeiste! As dit so was . . .

O, ons leef vandag in 'n tyd wanneer ons die beste dokters het wat ons ooit gehad het. Ons het die beste medisyne wat ons ooit mee gepraktiseer het. Julle weet dit. En ons eer daardie mense; ons bid vir hulle. Ek doen dit en ek hoop julle doen dit. Daardie manne, wat met hulle begrip van gevoel . . . hulle het twee sintuie om mee te werk, dis sien en gevoel, en hulle—en gehoor. Hulle werk deur 'n klank van 'n hart, of 'n—'n gevoel van 'n gewas of iets, of die sien van iets wat hulle kan sien, 'n vlaag van siekte, of—of iets op die gesig wat die gesig of die liggaam iewers bedek. Hulle—hulle werk op daardie dinge (sien?), want dis . . . Hulle probeer om medisynes te neem en soveel dat dit sal doodmaak en dan jou nie sal doodmaak nie, en—en ensovoorts. Hulle sal nie . . . Dis hulle besigheid om daarop te werk. En ons waardeer dit; dis baie goed.

Maar ons het die beste dokters, die beste medisyne, die beste hospitale en meer siektes as wat ons ooit gehad het. Ons het meer ongeloof as wat ons ooit gehad het. Ja, meneer! Dit is presies.

Predikers het hulle self georganiseer en het groot denominasies en neem enigiets in, ensovoorts (en net vir enigiets, maak 'n kerklid); en hulle is oorgewen na een of ander Bybelskool, soos 'n broeikashoender (en broei hulle uit deur 'n—'n meul wat hulle so uitbring) en somtyds weet nie meer omtrent God as 'n Hottentot weet omtrent 'n Egiptiese nag nie. Bring hulle so deur en die . . . Daar het julle dit. Sien?

O, wat ons in ons kerke nodig het is 'n man wat 'n Absoluut het! Wat ons in 'n Metodiste kerk, die Baptiste kerk, die Pinkster kerk, die Presbeteriaanse kerk nodig het is 'n Absoluut—'n man van God wat sal staan, vasgemaak aan die Woord en aan Christus en wat daardie gemeente sal bring onder daardie toestand van waar elke lid wandel onder voorwaarde van hierdie Woord, daardie Woord gemanifesteerd sien, volgende, "Hierdie tekens sal hulle wat glo volg, na die hele wêreld."

Hulle het gesê, "Daarmee is weggedoen."

Jesus het gesê, "Gaan julle na die hele wêreld; preek die Evangelie aan elke skepsel."

Ons het nog nie die hele wêreld bereik nie en ver van elke skepsel. Hoe lank? Die hele wêreld. Aan wie? Elke skepsel. Wat sal gebeur? "Hierdie tekens sal hulle wat glo, volg: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; hulle sal met nuwe tale spreek; as hulle 'n slang sou opneem of 'n dodelike ding drink, sal dit hulle nie skade aandoen nie; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle herstel."

Dis die Absoluut wat daar hou, die Woord, daardie Noordster, daardie kompas wat reg by Dit bly. Dis wat ons nodig het.

Maar ons het uitgegaan en instellings gebou, die mense georganiseer, lede ingeneem en gestry met die Baptiste (omdat hulle nie geglo het op die manier wat ons het nie) en die Metodiste (omdat hulle nie so nie); en ons het 'n groter bybelskool uitgebroei en 'n groter kerke gebou, die beter opgestopte kerkbanke en 'n groter orrel, ensovoorts en 'n beter aangetrekte skare; hulle het die burgemeester en almal in die kerk; en wat het ons? 'n Klomp dooies, vasgebind aan 'n denominasionele absoluut! Dood! O, behoed!

As ek in my voetspore doodgaan, my Absoluut is Jesus Christus; Daarop glo ek. As almal uitloop . . . Iemand het gesê—Dokter Davis het aan my gesê, "Billy, jy preek so 'n ding, jy sal dit aan die deurkosyne van die kerk preek."

Ek het gesê, "Ek sal dan God se Woord aan die kosyne preek, want God is magtig om van hierdie kosyne kinders vir Abraham op te rig." Reg! God se Woord is waar!

Gesê, "Dink jy hulle sal jou glo?"

Ek het gesê, "Dis nie my besigheid nie. Dis my besigheid om getrou aan die Woord te bly." Dis reg.

Gesê, "Dink jy jy kan 'n geleerde wêreld soos dit met 'n teologie van—van goddelike genesing ontmoet?"

Ek het gesê, "Dis nie my Goddelike genesing nie, dis Sy belofte. Hy was die Een wat die opdrag gegee het."

O, en ek onthou toe Hy afgekom het daar in daardie groot Lig, onder by die bodem van die rivier gestaan, 1933, in Junie, toe Hy gesê het, "Soos—soos Johannes die Doper vooruit gestuur is voor die eerste koms van Christus, stuur Ek jou met 'n Boodskap aan die wêreld voor die tweede Koms van Christus." En rondom die wêreld het sy gegaan toe herlewingsvure al vir vyftien jaar op amper elke berg gebou was. Goddelike genesing deur die volke en die krag en restourasie, en nou, ek glo sy is gereed om daardie finale klimaks anderkant te tref, om 'n geloof voort te bring wat die Kerk sal Wegraap binne in die Heerlikheid in; en Sy lê in die Boodskappe! Ons is werklik in die endtyd. Ons het daaroor gepraat en alles, maar die ding het nou op ons beweeg. Hoor hulle! Ja, meneer! Hier is een! Dis reg!

Die rooi lig, soos ek gesê het, dit handel die saak af! Dis al. Die rooi lig vertel jou wie gaan. Maak nie saak wat enigiemand anders sê nie, dis wat die rooi lig sê. Jy kan regtig 'n verkeersknoop hê as jy nie, as jy nie die rooi lig in ag neem nie. Daar moet 'n absoluut wees. Ja, meneer!

Net soos vir die Kerk, moet daar 'n Absoluut wees. Vir die mense in die kerk, julle moet julle absoluut hê. Maar vandag het elke kerk sy eie absoluut. Sien? Hulle probeer nie om te neem . . .

"Ons Baptiste glo *dit*!"

"Ons Metodiste glo *dit*!"

"Ons Presbeteriane glo *dit*!"

"Ons Pinksters glo *dit*!"

Dis alles reg, maar hoekom neem julle nie die res Daarvan nie? Wat is fout met die res Daarvan?

"Ons Baptiste glo in onderdompeling."

Dis goed. Wat van die doping met die Heilige Gees, dan? Wat van in tale praat? Wat van gawes van genesing? Wat van profesie?

"O, nee! Ons doen nie; dit—dit was vir 'n ander eeu." O, tog!

Pinksters, julle sê, "Wel, ons glo in die praat van tale as die bewys."

Seker, tale praat is goed, maar dis nog nie die bewys nie. Baie mense praat in tale (dis waar), en dis so ver as wat hulle ooit gaan. Die duiwel kan enige gawe wat dit het namaak, enige gawe wat in die Bybel is.

Paulus het gesê, "Hoewel ek praat met die taal van mense en Engele; hoewel ek my liggaam gee om as offer gebrand te word; hoewel ek al my goed verkoop om die armes te voed en hoewel ek al die geloof het om berge te versit; hoewel ek na die bybelskool gegaan het en al die kennis wat daar is om te leer geleer het, is ek steeds niks."

Dis die Persoon van Christus. Christus! Ontvang Hom; en jy kan Hom nie ontvang sonder om Sy Woord te ontvang nie. Die Woord moet eerste kom; dan kom die Lewe binne-in daardie Woord en manifesteer daardie Woord.

Het Jesus nie gesê nie, "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie"? Dit was die Woord van God wat gemanifesteer word. God was in Christus, besig om Homself uit te druk, te versoen met die wêreld, wat Hy was. Dit was—dit was die Absoluut. Dit was die Ewige absoluut daar.

Dan sê jy, "Is dit die Ewige, Broer Branham?" Dit was! "Wat dan van vandag?"

Jesus het gesê, "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook"—dieselfde Absoluut. Reg!

Elkeen het hulle eie absoluut. O, goeiste! Dis net soos dit in die dae van Rigters was: elke man het gedoen wat in sy eie oë reg was. In die dae van Rigters het elke man sy eie—sy eie absoluut gehad. Hy het gedoen net wat hy wou en dis hoe dit nou is. Elke man doen reg in sy eie oë.

Nou, weet julle waarom hulle dit in Rigters gedoen het? Dit mag net 'n klein bietjie skok. Maar die rede dat hulle dit in Rigters gedoen het, is omdat hulle geen profeet gehad het in daardie dae vir die Woord van die Here om na toe te kom nie, so elke man kon doen wat hy wou in sy eie oë.

En dis presies wat vandag gebeur het. Ons het nie die profeet in hierdie dae van denominasies nie, maar God het ons een

beloof. Sien, sien? Hy het. In die laaste dae sou Hy opstaan en Elia weer terugstuur op die toneel en hy sou die harte van die kinders terugdraai na die geloof van die vaders—terugdraai na die oorspronklike Pinkster. Julle weet dat Hy dit gesê het!

En ek weet julle sal verwys, soos Hy daar aan Johannes gedoen het (daar in—en Mattheus 11de hoofstuk en die 6de vers, glo ek dit is) toe hulle gesê het, "Wie dink julle was hierdie man, hierdie Johannes?"

Hy het gesê, "As julle dit kan ontvang, dit is hy van wie daar gespreek is, 'Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig.'" Dis Maleági 3, nie Maleági 4 nie. Maar onthou, as dit die Maleági 4 was, dan het die Woord gefaal, want Hy het gesê maar net teen hierdie tyd sal die hele wêreld verbrand word en die regverdiges sal uitstap op die as van die goddeloses. Nee! Moet dit nie verwar nie, broers; laat Dit presies sê wat Dit sê. Dis reg. Hy het dit in die laaste dae beloof en dit sal reg in die midde wees.

Onthou, toe Rigters, elke man gedoen het soos hy wou. Daar was geen man, geen man om daardie Woord te laat leef nie. Daar was geen profeet nie. Die Woord van die Here kom altyd na die profeet (dis reg), en hy is altyd gehaat. Slegs 'n klein groepie wat hom lief het! En . . . sien? Maar ek bedoel, dit was altyd daar.

God verander nie Sy beleid nie; Hy kan nie en God wees nie. As God ooit iets sê of iets doen, moet Hy dit die volgende keer doen. Wanneer daardie krisis kom, as Hy nie die tweede keer optree soos Hy dit die eerste keer gedoen het nie, het Hy die eerste keer verkeerd opgetree. En wie sal God aankla van verkeerd optree? Wie is jy wat sonde voor God kan lê? Dis wat Jesus gesê het: "Watter een van julle kan My van sonde beskuldig?"

Wat is sonde? Ongeloof. "Hy wat nie glo nie is reeds verdoem."

"Watter een van julle kan My wys dat Ek nie alles volbring het wat Messias moes doen nie?" Sien? Niemand het 'n woord gespreek nie. Hy het; die Messias was 'n Profeet en Hy het bewys dat Hy dit was. Hulle het nie 'n profeet gehad vir honderde jare nie, vanaf Maleági en hier verskyn Hy op die toneel. Hy was 'n geheimsinnige vir die mense en 'n struikelblok vir hulle kerk, want Hy het gesê, "Kyk Ek lê in Zion 'n Hoeksteen, 'n geliefde Een, beproef, o, 'n stuikelblok. (Ja!) Maar wie ook al in Hom glo sal nie beskaamd wees nie." Dis reg. Daar was Hy. En hulle . . . Net presies Skrif vervul. Maar hulle wat Hom geglo het, het 'n Absoluut gehad.

Klein Martha, toe sy Lasarus sien kom uit die graf, het sy geweet Wie dit was. Selfs voor Dit dit gedoen het, het sy die absoluut van weet gehad, "Ek glo dat U die Seun van God is wat in die wêreld moes kom. Selfs nou, hoewel my broer dood is, sê net die woord; God sal dit doen." Amen! Sy was absoluut seker.

Dis reg. Toe Hy . . . dit gesê het, en sy het dit uit haar hart bedoel. Hy het gesê, "Waar het julle hom begrawe?"

Gesê, "Kom kyk."

Daar het Hy gestaan met 'n visioen, want Hy het gesê, "Ek doen niks totdat die Vader My eers wys nie" (Johannes 5:19).

Het Hom weggestuur van—weggegaan van Lasarus se huis af. Hulle het agter Hom aangestuur om te kom bid. Hy het geweet Lasarus sou sterf; en na die sekere tyd, het Hy gesê, "Ons vriend Lasarus slaap."

Hulle het gesê, "Hy doen goed!"

Hy het gesê, "Hy is dood; en om julle onthalwe is Ek bly dat Ek nie daar was nie." (Hulle sou Hom gevra het om vir hom te bid.) Toe kom Hy terug, gesê, "Maar Ek gaan hom wakker maak." O, goeiste! Nie, "Ek sal gaan en kyk wat Ek kan doen," nie, "Ek sal hom gaan wakker maak." Hoekom? "Die Vader het My alreeds gewys wat om te doen."

Het afgegaan na die graf. Daar het 'n Man gestaan; daar het God in vlees gestaan, wat aan die rots kon sê, "Los op!" en dit sou oplos; maar Hy het aan daardie vrouens gesê, daardie arme klein vrouens, klein jong vrouens, gesê, "Neem die rots weg!"

Julle het ook iets om te doen. Sien? En hulle het die rots weggerol; en dit het hulle siek gemaak, hy het so gestink. Daar het hy gestaan. O, goeiste! Ek kan sien hoe Hy daardie klein tingerige liggaam reguit maak (omdat die Bybel sê daar is geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie; Hy was nie baie om na te kyk nie. Sien?).

Net soos Dawid. Hy was as koning gekies toe hy net 'n klein blosende dingetjie was. Sien? Al daardie belangrike groot mans het gesê, "Sal hy nie mooi lyk met 'n kroon op sy kop nie?"

"Neem hierdie ouer seun," het Isai gesê.

Samuel het gesê, "God het hom geweier." Het al sy seuns gebring.

Gesê, "Het jy nie enige ander nie?"

"Ons het een, maar hy sal nie soos 'n koning lyk nie. Hoekom, hy is 'n klein, krom-geskouerde, blosend-lykende kêrel."

"Gaan haal hom!" En so gou as wat hy kom loop het voor daardie profeet het die Gees op hom geval. Hy het met daardie olie gehardloop en dit oor sy kop gegiet, gesê, "Dit is julle koning." Dis so! Ja, meneer!

En Jesus het daar gestaan, 'n krom-geskouerde, miskien, besig om grys te word toe Hy nog nie eens oor dertig jaar was nie. (Die Bybel het gesê Hy kon soos veertig gelyk het.) Jode het gesê, "Jy is 'n man nie oor—oor vyftig jaar oud nie en jy sê dat jy Abraham gesien het?"

Hy het gesê, "Voor Abraham was, Is ek." Goeiste, o, goeiste! Johannes 6.

Dan vind ons uit, hier het Hy by die graf gestaan. Hy het geweet dat daardie visioen Hom moet tref, het geweet dit moet wees. "Neem die rots weg!" Hy het gestink, toegedraai in grafklere, was dood vir vier dae; sy neus het alreeds ingeval, binne soveel tyd.

Daar het Hy daar gestaan; Sy klein liggaam reguit gemaak, "Ek is die Opstanding en die Lewe! Hy wat in My glo; hoewel hy dood was, tog sal hy leef." Sê vir my 'n man kon ooit so 'n stelling soos dit maak! "Wie ook al lewe en in My glo sal nooit sterf nie! Glo jy dit?"

Sy het gesê, "Ja, Here!" Hoewel Hy haar gefaal het, skynbaar, toe sy geroep het, het Hy nie gegaan nie, sy het weer geroep; Hy het nie gegaan nie. Maar hier sê sy, "Ek weet dat U die Christus is wat in die wêreld moes kom."

Hy het gesê, "Lasarus, kom voort!" En 'n man wat vir vier dae dood was . . . Hoekom? Wat? Christus het die Absoluut gehad. Hy het die visioen gesien; dit kon nie faal nie. Dis reg. Dit kon nie faal nie! Hy was absoluut seker.

En Martha was absoluut seker! As sy Hom kon kry om raak te sien wat sy geglo het in Hom te wees, sou sy kry waarvoor sy gevra het! Reg! Daar was hulle, die Absoluut; dit het by die Woord ingepas; en dit was al.

Vandag doen elke man wat in sy oë goed blyk te wees, want daar is geen profeet nie.

Kyk in die dae van die Rigters. Kyk dit! In die dae toe (ek glo dit was Elia of Elisa, een. Ja!) wat die dooie baba . . . Die— die Sunamitiese vrou, sy het gemaak . . .

Elia was God se man van die dag, nie net 'n goeie, intelligente onderwyser nie. Hoekom, hy was 'n ou man wat aangestap het. Was jou . . . Kom net om—kom na jou deur vandag en jy sal hom waarskynlik wegjaag. 'n Hele nasie het hom gehaat. Isébel en al die res van hulle het hom gehaat, want haar—sy het in die Withuis gesit en al die vroue laat doen soos wat sy het; en almal van hulle het haar nageaap; en—en Agab was gedraai—sy kop was gedraai deur haar krag. Ons het dit nie vandag te ver gemis nie, amper dieselfde; en daar—daar het jy dit. Hulle was alles populariteit en alles—hulle was vol van hulself.

Maar daardie klein ou Sunamitiese (nie Sunamitiese vrou, maar klein—ja, ek glo sy was 'n Sunamiet) toe sy kom en sien dat daardie krag in Elia was, het sy gesê, "Ek sien dat hy 'n heilige man is." En toe daardie baba dood gelê het, het sy gesê, "Saal die muil op en moenie stop nie!" Sy het opgegaan daar . . . Sy het geweet . . . En ek hou daarvan, die manier wat sy gekom het, sy het haar absoluut, haar vasmaak plek gehad.

Elia het gesê, “Hier kom daardie Sunamiet. Sy is bedroef, maar ek weet nie wat verkeerd is nie.” (Sien, God wys nie alles aan Sy diensknegte nie, net wat Hy wil hê hulle moet weet.) So hy het gesê, “Haar hart is bedroef, maar ek weet nie.” Hy het gesê, “Hardloop, vind uit, Gehási en sien wat is verkeerd.”

Hy het gesê, “Is alles wel met jou? Is alles wel met jou man? Is alles wel met jou seun?”

Kyk na haar. O, goeiste! Hier is dit. Sy het gesê, “Alles is wel.” Hoekom? Sy het na haar absoluut gekom. “Alles is wel.” En sy het neergekniel . . . eers aan sy voete geval en Gehási het haar opgehelp. Dis nie reg voor sy—sy meester nie, het haar opgehelp; en sy het begin om hom te vertel.

Nou, hy het nie nou ’n absoluut gehad nie. Hy het geweet dat hy deur die visioen mag het om haar kind aan haar te gee, maar nou, wat kon hy doen? Hy het sy staf geneem en afgegaan in die kamer, gesit—al die deure toe gemaak, het al die ander mense uitgeneem. Hy het op en af geloop in die kamer. Hy het ’n Absoluut as hy Dit net kon kontak. Vorentoe en agtertoe, op en af in die kamer. O, goeiste! Spoedig het hy iets homself voel tref; hy het homself op die baba gelê, het weer opgestaan, weggegaan. Die—die baba het soort van beweeg, warm geword. Hy het homself vorentoe en agtertoe gelig; hy het nie ’n goeie kontak met die Absoluut gehad nie. “Wat was dit, Here? Wat het U gesê om te doen?”

Geen twyfel toe hy gedraai het, het hy ’n visioen gesien: daardie klein seuntjie hardloop spelend, spring met ’n tou, iets soos dit—spelend. Hy het homself op die baba gegooi; hy het sy neus op die neus, sy lippe op die lippe gesit; en die Krag van God het die baba tot lewe opgewek. Wat was dit? Die vrou se absoluut was ’n profeet; die profeet se Absoluut was God. En saam met die Woord, “Ek is die Opstanding en die Lewe, die krag van God, die Skepper.” . . . ? . . . Sy het weer opgestaan, die baba.

Sekerlik! Die rede waarom elke man op sy eie manier handel, is omdat hulle nie ’n profeet het vir die Woord van die Here om na te kom nie. Die Woord en die profete was weg in daardie dag.

O, ek het dit by my bekering gesien, van die dag waarin ons lewe. Ek is so bly dat God my beetgekry het voordat die kerk het. Ek sou waarskynlik ’n heiden gewees het (ja, meneer!), ek—al hierdie opeenhoping van gemors en almal. “Wel, kom oor en sluit by ons s’n aan. En as jy dit nie doen nie, wel, kan jy jou brief optel en by ’n ander een gaan aansluit.” O!

“Wil jy nie jou brief in ons gemeente inbring nie?”

Ek glo daar is een brief; dis wanneer Christus jou naam in die Boek van die Lewe van die Lam skryf. Dis die enigste een waarin dit is.

Toe ek al die denominasies gesien het . . . Ons agtergrond is Iers, wat vroeër Katoliek was en ek het gesien dit was korrup en verrot. Ek het afgegaan na 'n sekere denominasionele kerk hier in die stad; hulle het gesê, "O, ons is die weg, die waarheid, die lig; ons het dit alles."

Ek het na 'n ander een in New Albany gegaan. "O, goeiste! Daardie ouens daarbo weet nie waarvan hulle praat nie."

Katolieke het gesê, "Julle is almal verkeerd."

Ek het gedink, "O, goeiste!"

Ek het met 'n klein Lutherse seuntjie gespeel en ek het gedink —'n klein Duitse Luther; ek het oorgegaan en ek het gesê, "Waar gaan jy kerk toe?"

"Ek gaan na *daardie* kerk."

Ek het afgegaan en ek het uitgevind dat hulle sê dat hulle die weg is. En ek het afgegaan na Broer Dale, in Emmanuel Baptiste, of die Eerste Baptiste; hulle het gesê, "*Dit* is die weg."

Toe gaan ek oor na die Ierse kerk, hulle het gesê, "Maar *dis* die weg."

"O, goeiste! Ek is so verward; ek weet nie wat om te doen nie. Maar ek wil reg wees!" Ek het nie geweet wat om te doen nie en ek het nie geweet hoe om my te bekeer nie. Ek het 'n brief geskryf. Ek het gedink, "Ek het Hom in die woude gesien." Ek het aan Hom 'n brief geskryf; ek het gesê:

> Liewe Meneer,
> Ek weet U kom in hierdie voetpad hier verby, want ek sit hier en jag eekhorings. Ek weet U kom verby en ek weet U is hier.
> Ek wil U . . . Ek wil iets vir U vertel . . .

Ek het gedink, "Nou, wag 'n bietjie. Ek—ek het nooit enigiemand gesien wat ek nie . . . Ek wil met hulle praat; ek—ek wil met hulle praat. Ek—ek wil met Hom praat." Ek het gedink, "Wel nou, ek weet nie hoe om dit te doen nie."

En ek het uitgegaan in die skuur en neergekniel, water, nat en klein ou karretjie het daar stukkend gestaan. En ek het gesê, "Ek glo dat ek 'n prent gesien het . . . Ek glo hulle het hulle hande *só* gehou," en ek het afgegaan. En ek het gesê, "Nou, wat gaan ek sê?" Ek het gesê, "Daar is een of ander manier waarop jy dit moet doen en ek weet nie. Ek weet daar is 'n manier om alles te benader en ek het nie . . . "

Ek het gesê (ek het my hande *só* gehou)—Ek het gesê, "Liewe Meneer, ek wens dat U wil kom en vir net 'n rukkie met my praat. Ek wil vir U vertel hoe sleg ek is." (Het my hande *só* gehou.) Ek het geluister. Mense het gesê . . . God het met my gepraat en ek het geweet dat Hy gepraat het, want ek het Dit gehoor toe ek 'n

kind was, my vertel om nie te drink nie en iets. Hy het my nie geantwoord nie.

Ek het gesê, “Miskien was ek veronderstel om my hande *só* te hou.” So ek het gesê, “Liewe Meneer, ek—ek weet nie presies hoe om dit te doen nie, maar ek—ek vertrou dat U sal . . . sal U my help?”

En elke prediker vertel my om by hulle aan te sluit en staan op en sê dat hulle Jesus Christus geneem het en hulle glo dat Jesus die Seun van God is. Duiwels glo dieselfde ding, so ek het gedink: “Ek—ek moet iets beter as dit hê.” So ek het *só* daar gesit.

Ek lees waar Petrus en Johannes deur die poort wat die Skone genoem word gegaan het en daar was ’n man wat van sy moederskoot af kreupel was. Gesê, “Silwer en goud het ek nie, maar dit wat ek het . . . ” O, ek het geweet dat ek dit nie het nie.

So ek het probeer om te—uit te vind hoe om dit te doen; ek het nie geweet hoe om te bid nie. Ek het my hande gemaak; toe het ek *so* gaan lê. Natuurlik, Satan het toe op die toneel gekom, gesê, “Sien jy? Jy het te lank gewag. Jy is alreeds twintig jaar oud; dis nie nodig om dit nou te probeer nie. Jy het gedoen . . . ”

Toe het ek heel opgebreek en begin huil. En toe, toe ek regtig opgebreek het, het ek gesê, “Ek gaan praat. As U nie met my praat nie, gaan ek in elk geval met U praat.” So ek—ek het gesê, “Ek is niks werd nie; ek is skaam vir myself! Mnr. God, ek weet U sal my iewers hoor. Hoor U my? U sal my hoor, en ek is skaam vir myself. Ek is skaam dat ek U verwaarloos het!”

Omtrent daardie tyd het ek opgekyk en ’n snaakse gevoel het oor my gegaan. Hier kom ’n Lig wat deur die kamer beweeg en het ’n kruis gemaak, soos dit; en ’n Stem wat ek nooit in my lewe gehoor het nie, het gepraat. Ek het Daarna gekyk, net koud oral oor, verlam, bang. Ek kon nie beweeg nie. Gestaan, Daarna gekyk; en Dit het weggegaan.

Ek het gesê, “Meneer, ek—ek verstaan nie U taal nie.” Ek het gesê, “As U nie myne kan praat nie, en ek—ek verstaan nie U s’n nie . . . En as U my vergewe het, ek weet dat ek veronderstel is om in daardie kruis daar ingereken te wees, iewers wat—my sonde is veronderstel om daarin te lê. En as—en as U my sal vergewe, kom net terug en praat in U eie taal. Ek sal daardeur verstaan, as U nie my taal kan praat nie.” Ek het gesê, “Laat U Dit net weer terugkom.”

Daar was Dit weer. O, my liewe! Daar het ek ’n Absoluut gekry. Amen! Ja, meneer! Gevoel of ’n—’n vrag van veertig ton van my skouers afgelig het. Ek het afgestap deur daardie plankbrug, kon nie eers die grond raak nie.

Moeder het gesê, “Billy, jy is gespanne.”

Ek het gesê, “Nee, Ma, ek weet nie wat gebeur het nie.”

Daar was ’n spoorweg daaragter; ek het by daardie spoorweg af gehardloop, in die lug gespring so hard as wat ek kon. Ek het nie geweet hoe om uiting aan my gevoelens te gee nie. O, as ek geweet het hoe om te skree! Ek het geskree, maar op my eie manier. Julle sien?

Wat was dit? Ek het my siel in ’n Hawe van Rus geanker. Dit het dit afgehandel; dit was my Absoluut. Daar het ek iets gekry, nie een of ander mitiese, een of ander idee nie. Ek het met die Man gepraat. Ek het met daardie Man gepraat wat aan my gesê het om nooit te drink, of rook, of om enigiets te doen wat my sou besoedel nie—met vroue ensovoorts; sodat wanneer ek ouer word, daar ’n werk vir my sal wees om te doen. Ek het Hom gekontak, nie die kerk nie; ek het Hom—Hom gekontak! Ja, meneer! Hy was die Een.

Soos ’n man hier onder by die Kiwanis of die—het gepraat nie lank. . . Reg na die Eerste Wêreldoorlog (Broer Funk, wat ’n soldaat is, het daar gestaan)—hy het gesê hy was. . . (Dis ’n bietjie—klink amper grappig. Dis geen plek vir ’n grap nie, maar hier is wat hy gesê het. Hy was hier in New Albany.) Hy het gesê, “Die kaptein het ons uitgeneem, gesê, ‘Daardie hele land daar is met Japannese vervuil. Môre, Ouens, gaan ons in; ons moet hulle neem.’ Hy het gesê, ‘Onthou, Ouens, daar is baie van ons wat vandag hier staan wat nie môre daar sal wees nie. Hulle sal nie môre hier wees nie; ons gaan in, in die oggend by dagbreek.’ Gesê, ‘Nou, elkeen kom by sy eie godsdiens.’”

Hierdie ou het gesê, “En ek het nie enige godsdiens gehad nie.” En gesê, “Ek het gesê . . . ” Gesê, “Ek het daar gestaan, en al die ander van hulle . . . ” Gesê, “Hier kom ’n kapelaan, het *hierdie* kant toe gegaan; ’n Protestant het *hierdie* kant toe gegaan, en die Jode het *hierdie* kant toe gegaan, en ’n Katoliek het *daardie* kant toe met hulle kapelaan gegaan.” Gesê, “Ek het daar gestaan.”

En gesê, “Die—die bevelvoerder het aan my gesê, gesê, ‘Seun, jy beter by jou godsdiens kom.’”

Hy het gesê, “Ek het nie enige nie.”

Hy het gesê, “Jy beter een kry, want ek is seker jy gaan dit binnekort nodig hê.”

En gesê omtrent daardie tyd, het hy ’n groep sien verby kom en was Katoliek. Gesê dat hy oorgeloop het en aan die priester gesê het: “Kan jy my ’n bietjie godsdiens gee?”

En hy het gesê, “Kom saam!”

Gesê, “Hy het ingegaan en ’n Katoliek van my gemaak.” (En daar in New Albany daar het John Howard en ’n groep van hulle regte edel Katolieke daar gesit, julle weet, toe die ou dit vertel het.) En hy het gesê—hy het gesê, “In die volgende dag in die geveg. . . ” Hy het gepraat oor, o, hoe dit was, en gesê (hy is ’n groot man, julle weet)—en gesê hulle het in kontak gekom. En

hulle was net aan die steek met messe en skreeuend, en snyend, en kappend. Gesê die linies het so deurmekaar geraak, en hulle het reg rondom mekaar gekom. Japannese het hulle reg daarin laat loop, soos dit, en daardie groot ou masjiengewere aan die blaas van elke kant af—'n kontak geveg.

Gesê, "Dadelik, het ek lank gestop *soos dit*. . . " En gesê, "Alles, gille en aanganery, jy kon nie jouself hoor nie." Gesê, "Daar is bloed." Hy het gesê, "Ek het gekyk, en dit was my bloed!" Gesê, "Ek het *hier* gekyk. Daar was 'n gat in my sy." Hy het gesê, "Dit was my bloed." Gesê, "Ek. . . Jy weet, ek. . . ek. . . ek. . .

En 'n regte. . . En, Katolieke vriend, ek sê dit nou net vir— vir pret. Maar 'n regte, edel Katoliek het gesê—gesê, "Het jy 'n 'Heil Maria' gesê?'"

Hy het gesê, "Nee, meneer!" Gesê, "Dit was *my* bloed. Ek wou geen sekretaresses hê nie. Ek het gesê, 'Ek wil met die hoof Man praat.'" Gesê, "Dit was—dit was my bloed."

En ek dink dis omtrent hoe dit is. Ja, meneer! Dis hoe dit gaan. Ons moet 'n vasbindplek hê, 'n Absoluut.

"Ek het geen tyd vir Sy sekretaresse nie gehad," het hy gesê, "Ek wou met Hom praat."

En dis so, broer. Wanneer 'n man na Christus kom, wil jy nie 'n prediker se woord, 'n sekretaris se woord, 'n iets anders neem nie. Julle Protestante, moenie *dit, dat*, of *die ander* neem nie; gaan na daardie Absoluut totdat jy geanker is by daardie nuwe geboorte, om wedergebore te wees, en met die Heilige Gees gevul te wees, en jy sien die Bybel gemanifesteer word in nederigheid en liefde deur jou lewe. O, dan is dit jou Absoluut. Ja, meneer!

Ek het in die Woord gelees waar Hy die Woord is. Toe die Duitse kerk gesê het, "Dis *hierdie* weg," en die Metodiste, en die Baptiste, en die Katolieke. . . Maar ek het in die Woord gelees, waar Hy gesê het, "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou en die poorte van hel sal nie Daarteen bestand wees nie."

Luister nou, in sluiting. Nou, die Protestante sê. . . Nou, die Katolieke sê dat Hy dit op Petrus gebou het. "Jy is Petrus en op hierdie rots. . . " Nee, hy het nooit nie! As dit was, het dit dadelik teruggeval. Hulle het dit op 'n man gebou. Wat het Hy gedoen?

Die Protestante sê dat Hy dit op Homself gebou het. Nee! Hy het nie! Hy het dit nie op Homself gebou nie. Wat het Hy gedoen?

"Wat sê—Wie sê mense is Ek, die Seun van die mens?"

En sommige het gesê, "U is Elia, en Moses."

Hy het gesê, "Maar wat sê *julle*?"

Petrus het gesê, "U is die Christus, die Seun van die Lewende God."

Kyk nou na die woorde. "Geseënd is jy, Simon, seun van Jona; vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie (jy het dit nooit by 'n priester geleer nie; jy het dit nooit by 'n bybelskool geleer nie), maar My Vader wat in die Hemel is het dit aan jou openbaar. En op hierdie rots (geestelike openbaring van die Woord) sal Ek My Kerk bou, en die poorte van hel kan nie Daarteen staan nie."

Ek het gedink, "Here, dis dit." Ek het hier in die Boek van Openbaring, 21ste hoof—22ste hoofstuk gelees, waar Hy gesê het, "Wie ookal (dit is die volledige ding)—wie ook al iets sal invoeg in Dit; wie ook al iets sal wegneem van Dit (ontken dat Dit so is), of wie ook al sal probeer om Dit 'n bietjie beter te maak, Dit blink te vryf vir die dag; wie ook al sal byvoeg of wegneem, dieselfde sal weggeneem word, sy deel, uit die Boek van die Lewe."

Ek het gesê, "Dan is dit al wat ek nodig het, Here, is om *Dit* te glo. En in *Dit*, daardie kruis daar anderkant, het die Christus gekom." Dis volmaak die hele pad, elke woord wat Hy ooit gesê het. Neem die Boek in *hierdie* hand, die geskiedenis in *hierdie* hand, en dit regverdig reg af, net volmaak. En ek het gesê, "Dan, Here, ontvang my!" En toe ek het, het ek Christus ontvang, die Heilige Gees, in my hart, my Absoluut. Dit was nie ek nie.

Ek was eenkeer siek toe my—ek my vrou verloor het. Ek het my baba verloor; o, het my vader verloor, en my broer verloor, en my skoonsuster verloor. En Billy het gelê, sterwend, en—enek was net omtrent klaar. . .Ek het met die pad opgegaan, huilend, na haar graf gegaan (en sy en die baba, en die baba in haar arms)—na die graf gegaan. Ek het opgestap; Mnr. Isler (het hier gekom en gespeel, julle weet, die staat se Senator van Indiana), hy het met die pad opgekom. Hy het gestop en hy het uitgehardloop en sy arms om my gesit (dit was na die '37 vloed); hy het gesê, "Waarheen gaan jy, Billy? Daar boontoe?"

En ek het gesê, "Ja!"

Hy het gesê, "Wat gaan jy daarbo doen?"

Ek het gesê, "Ek luister na 'n ou duif." Ek het gesê, "Ek sit daar by die baba se graf en hare. 'n Ou duif kom daar af en hy praat met my."

"O," het hy gesê, "Billy!"

Ek het gesê, "Ja! Ek hoor die fluistering van die blare wanneer hulle dit speel. Dit speel vir my musiek, Mnr. Isler."

Gesê, "Watter soort musiek speel dit?"

Ek het gesê,

> Daar's 'n land oorkant die rivier
> Wat hul noem die soete ewige,
> En ons bereik slegs daardie strand deur geloof
>   bepaling;
> Een vir een bereik ons die poorte,
> Daar te woon met die onsterflikes.

As hul eendag daardie goueklokke lui vir jou
en my.

Hy het gesê, "Billy, ek wil vir jou iets vra." Hy het gesê, "Wat beteken Christus nou vir jou? Wat beteken Christus vir jou?"

Ek het gesê, "Hy is my Lewe, my Alles. Hy is al wat ek het, Mnr. Isler. Hy is my—my Einddoel; Hy is al waaraan ek kan vashou."

Hoekom? Daar sou iets gebeur het.

Op hierdie rots . . .

Gesê, "Ek het jou gesien staan en preek hier op die hoek tot jy gelyk het of jy sou dood neerval. Ek het jou gesien alle ure van die nag, op en af in die strate om siekes te besoek. En na Hy jou eie vrou en jou eie baba geneem het, dien jy Hom steeds?"

Ek het gesê, "Al slaan Hy my, steeds vertrou ek Hom."

Hoekom? My Anker hou binne die sluier; Ek het 'n Absoluut gehad. Ek het myself aan Sy Woord vasgemaak, en Sy Woord het gehou. Hy is my Absoluut. Ek het uitgevind dat al hierdie ander dinge mag faal, maar Christus kan nooit faal nie.

Die Katolieke kerk het die pous as 'n absoluut; die Protestante het hulle biskoppe en hulle geloofsbelydenisse, en hulle algemene opsieners, maar ek, soos Paulus . . .

Het jy jou potlood? Skryf iets neer! In . . . Paulus het gesê in Handelinge die 20ste hoofstuk en die 24ste vers: "Niks van hierdie beweeg my nie."

O, hulle kan hulle geloofsbelydenisse kry; julle kan hê wat ook al julle wil, maar daardie dinge beweeg my nie!

Ek het my siel in 'n hawe van rus geanker,
Om die wilde oseane (Ek weet nie waar jy is
nie, *hierdie* weg, *daardie* weg) nie meer;
Die orkaan mag waai oor die wilde stormagtige
dieptes, (Alles mag ondertoe draai)
Maar in Jesus is ek veilig vir ewig.

Ja! Niks van hierdie dinge beweeg my nie, want ek is aan 'n Anker gebind.

"O, vandat ek Hom ontmoet het," het Paulus gesê, "op daardie pad, is ek aan 'n Anker gebind. Hy het my omgedraai; Hy het my weer reg laat begin." Julle onthou, Paulus het ook aan 'n organisasie behoort (die grootste in die land) maar hy het aan die Absoluut gebind geraak.

Luister! Ek wil iets aan julle vertel. Hy het 'n doel gehad om my te red; Hy het 'n doel gehad om jou te red. En ek is vas beslote, deur Sy wil, om dit te doen, om nie by te voeg by Dit of om weg te neem van Dit nie (Openbaring 22:19, as julle dit wil neerskryf). Goed! Wie ook al wegneem . . . Ek is vasbeslote (ek gaan die kerk verlaat, en julle weet dit), en so is ek vasbeslote

om net met hierdie Evangelie te bly so lank as wat ek lewe, met die hulp van God.

Onthou! Hier is genade. Daar was miljoene wat in sonde sterwend was toe Hy my gered het. Wie was ek dat Hy sou red? Hy het 'n doel met my redding, en ek is vasbeslote om daardie doel uit te dra. Ek gee nie om nie; dit mag nou binnekort my einde wees; maar wat ook al dit is, ek is nog geanker. Het dit nooit verander nie.

Mnr. Isler het daardie dag aan my gesê terwyl hy met die pad opgekom het; hy het gesê, "Billy in al hierdie moeilikheid het jy jou godsdiens behou?"

Ek het gesê, "Nee, meneer, dit het my gehou." Sien, sien? My Anker het gehou. Dis reg. Ek het dit nooit gehou nie; dit het my gehou. Ek kan dit nie hou nie; daar is geen manier waarop ek dit kan doen nie, maar dit hou my. Dis dit.

Hy het 'n doel gehad met my redding. Daar was miljoene in sonde toe ek na Hom gekom het, maar Hy het my gered. Hy het 'n doel daarmee gehad. Christus se dood was 'n Absoluut vir die vrees daarvan.

Christus se dood het die vraag afgehandel. Toe daardie by van die dood Hom gesteek het en daardie angel geanker het . . . Julle weet, 'n by—'n insek wat 'n angel het, as dit ooit daardie angel anker in—diep genoeg, as dit wegtrek, trek dit die angel daaruit. Dood het altyd 'n angel gehad.

Dood het altyd 'n angel gehad, en eendag toe daardie—met die opgaan na Golgota, en die stamping van daardie rotse, die bloed wat op die rotse spat . . . Toe dit die grond op Golgota tref, wat na Golgota gaan, die agterkant van daardie kruis het die bloederige voetspore van daardie klein, tinger liggaam uitgesleep soos hy daar gegaan, gemarsjeer het (Hom geslaan en gekneus soos Hy by die heuwel opgegaan het); maar Hy het 'n Absoluut gehad. Hy het geweet waar Hy gestaan het, want die Woord van God het deur Dawid gesê, "Ek sal nie My Heilige Een korrupsie laat sien nie; ook sal Ek nie Sy siel in die hel los nie."

Hy het geweet dat korrupsie binne twee en sewentig uur begin; Hy het gesê, "Vernietig hierdie tempel, en Ek sal dit binne drie dae weer oprig." Hy het 'n Absoluut gehad!

Daar het Hy by die heuwel opgegaan met spoeg van bespotting, spoeg van dronk soldate, wat 'n lap om Sy gesig gebind het en Hom op die kop geslaan het en gesê het, "Jy is 'n profeet, sê aan ons wie jou geslaan het!" Daar was Hy aan die opgaan by die heuwel in skaamte en skande om—Sy klere van Hom afgestroop, die skande verag, op die kruis gehang voor die mense, nakend; sterwend in Romeinse skande onder regerings-doodstraf, 'n Man wat niks gedoen het nie.

’n Klein storietjie het eenkeer vertel dat Maria Magdalena uitgehardloop het en gesê het, “Wat het Hy gedoen? Julle siekes gesond gemaak, dooies opgewek, en verlossing gebring aan die wat wou—in gevangenis. Wat het Hy gedoen?”

En ’n priester het haar op die mond geslaan, tot die bloed daaruit gespat het, en gesê, “Sal julle na haar of julle hoë priester luister?” O, daardie denominasionele wêreld; dis ’n vloek van alles. Dis so. Daar is dit.

En hulle het Hom verder geneem. Maar soos Hy by daardie heuwel opgegaan het, slepende . . . Die duiwel het dit altyd betwyfel, Hy wat was wat Hy was. Gesê, “As jy die Seun van God is, verander hierdie klippe in brood. Jy beweer jy kan wonderwerke doen. As jy die Seun van God is, beveel hierdie klippe om in brood te verander.”

Daardie selfde ou duiwel leef vandag. Dis reg. “As jy ’n goddelike geneser is, hier is ou John *So-en-so* wat hier op die hoek sit; ek weet hy is kreupel; maak hom gesond!” Weet julle nie dis daardie selfde ou duiwel nie?

Jesus het gesê, “Ek doen slegs . . . ” Kyk! Hy het deur die bad van Betésda gegaan waar duisende daar gelê het, verlam, blind, kreupel en uitgeteer, en het na ’n man gegaan wat kon loop. Hy kon oor die weg kom; hy mag miskien prostaat probleme gehad het. Wat ook al dit was, dit was vertraag (hy het dit ag en dertig jaar gehad). Hy het gesê, “Wanneer ek in die bad kom, stap iemand voor my in.” Hy kon loop. Het almal van hulle daar laat lê, en na daardie einste een gegaan, en hom gesond gemaak. Hoekom?

Hy het gesê Hy het geweet dat hy in daardie toestand was. Toe hulle aan Hom gesê, Hom gevra toe hulle Hom gekry het (Johannes 5); Hy het gesê, “Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen . . . ” Daar is Sy Absoluut. Dis nog steeds die Absoluut.

Toe ek daardie dag anderkant in Finland gestaan het en daardie klein seuntjie daar gelê het, en ek om hom geloop het waar hy daar dood gelê het (was dood vir ’n halfuur. Lees julle in die boek) . . . Ek het begin om weg te loop; iets het hulle hande op my gesit. Ek het omgedraai; Ek het gedink, “Wat was dit?” En ek het weer gekyk. Ek het gedink, “Wag ’n oomblik!” Terug hier gekyk op die skutblad van die Bybel, “En dit sal gebeur, ’n klein seuntjie omtrent nege jaar oud . . . Hy sal deur ’n motor doodgemaak word. Daar sal ’n lang strook immergroen wees, rotse tussen in; die motor sal oorkant die pad lê, ’n wrak. Hy sal klein sokkies aan hê soos—hoog op, ’n kort haarstyl; en sy klein ogies sal teruggedraai wees; die bene in sy liggaam sal gebreek wees.”

Ek het gekyk; ek het gedink, “O, God!”

Ek het gesê, “Staan julle almal stil!” (Die burgemeester van die stad was daar.) Ek het gesê, “As daardie seun nie binne twee minute van nou af op sy voete is nie, is ek ’n valse profeet. Ry en stuur my uit Finland.” Beslis! “Maar as hy is, skuld julle julle lewens aan Christus.” Dis reg. Hulle het stil gestaan.

Ek het gesê, “Hemelse Vader, oorkant die see en daar anderkant, twee jaar gelede, het U gesê dat hierdie klein seuntjie hier sou lê.”

Daar was Broer Moore en Broer Lindsay, en hulle het daarna gekyk. En oral, en hulle het dit in die Bybel geskryf; en duisende Bybels deur die land het dit in geskryf gehad. Wat was dit? ’n Absoluut.

Die Vader het gewys wat sou plaasvind. Daar is geen vrees wat ook al om daar te staan nie—Absoluut. Verseker, sal hy opstaan.

Reg daar in Finland, waar duisende mense snags inkom (en moet selfs sommige uitskuif en hulle laat wees—hulle laat sit; skuif hulle uit en sit iemand anders in), daar het hy gestaan met . . . Al daardie—die mense het my liefgehad; en hulle het genesings gesien gedoen word, maar hier was ’n seun wat dood daar gelê het. Wat was die Absoluut? Die visioen. “Ek doen wat die Vader sê om te doen. Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen.” Daar is jou Absoluut.

Ek het gesê, “Dood, jy kan hom nie langer hou nie; God het gespreek! Kom terug; gee hom terug!” En die klein seuntjie het opgestaan en so rondgekyk; die mense het flou geword en alles.

Daar is dit, reg daar geskryf en geteken deur die burgemeester van die stad, deur ’n publieke notaris. Dis reg! Wat is dit? ’n Absoluut. Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en vir ewig. As dit nie dieselfde God is wat die vrou van Nain gestop het met die—wat haar seun met haar gedra het.

Wanneer enigiemand in daardie dae gesterf het, het hulle hulle dadelik in die graf gesit; hulle het hulle nie laat oorlê nie; hulle het hulle in die graf gesit. Daar is daardie selfde Jesus Christus gister, vandag, en vir ewig. Ja!

Kyk daar onder in Mexico toe daardie klein babatjie (sommige van julle wat hier lê—hier sit), en daardie baba (die dokter het ’n verklaring onderteken; dis in die Christelike Besigheidsman geskryf), daardie baba het die oggend om negeuur gesterf, en dit was tienuur daardie nag. En daardie klein vroutjie wou nie getroos word nie. Billy, my seun, het daar gestaan, probeer om haar terug te plaas, en hy het . . . Wel, hulle, ek glo, hulle het twee honderd plekaanwysers gehad wat daar gestaan het; en sy het oor hulle geklim. Die vorige nag, het daardie blinde man sy sig ontvang; en sy het geweet. (Sy was Katoliek.) Maar eindelik, het ek gesê, “Gaan, Broer Moore, en bid vir haar, want daardie baba . . . ” Dit het gereën, neergestort,

hulle het vanaf die vroeë môre al gestaan (buite in daardie groot arena). En ek het gesê . . . (Laat my agter afsak met toue om in die plek in te kom, net daar vir drie aande.) Ek het daar gestaan, en ek het gesê, "Soos ek gesê het . . ." (besig om te preek) en gekyk; ek het 'n klein babatjie hier buite voor my gesien, 'n klein Mexikaanse babatjie, geen tande, net daar gesit, vir my gelag—reg hier voor my. Ek het gesê, "Wag 'n oomblik, Broer Moore, bring haar hier." O, Absoluut!

Die plekaanwysers het teruggestaan; hier het sy gekom. Sy het neergeval en gesê, "Padre, Padre!"

Ek het gesê, "Staan op!"

En Broer Espinoza het gesê, "Staan op (en hy het dit vir haar in Spaans gesê)." Sy het daar opgestaan.

Ek het gesê, "Hemelse Vader, ek staan hier in hierdie reën . . ."

'n Mooi klein vroutjie, omtrent drie en twintig jaar oud, so iets, haar hare het afgehang, haar klein gesiggie het so opgekyk, die kyk in haar oë—verwagting; sy het gesien dat daardie man wat vir omtrent veertig jaar totaal blind was, sy oë het op die verhoog oopgegaan. Sy het geweet dat as God blinde oë kon open, Hy haar baba kon gesond maak. Daar het sy gelê, 'n stywe klein dingetjie wat so onder 'n kombers gelê het, en dit was papnat. Sy het die hele oggend en daardie namiddag ook daar gestaan. Daar was dit omtrent elfuur— tienuur daardie nag, so iets, het die baba uitgehou (julle het die artikel in Christelike Besigheidsman gesien) daar, het die baba so gehou.

Ek het gesê, "Hemelse Vader, ek weet nie wat dit beteken nie. Ek is net U kneg, maar ek het daardie baba oorkant gesien staan; dit was lewendig. Ek lê my hande daarop in die Naam van die Here Jesus.

Gesê, "Waa!" Dit het begin huil. Die moeder het die baba gegryp en begin skree, en die mense het begin uitskreeu daar deur, en vroue het flou geword, en dinge. Ek het gesê, "Moenie enigiets daaroor sê nie. Stuur 'n hardloper met daardie baba—met daardie moeder en gaan na daardie dokter en laat hom 'n verklaring teken dat daardie baba gesterf het. Dit het die vorige oggend aan longontsteking gesterf en—of daardie oggend om negeuur." En ons het 'n getekende verklaring deur die dokter; die baba was dood verklaar in die dokter se kantoor daardie oggend, en die moeder het dit die hele dag rondgedra. Wat was dit? 'n Absoluut!

Wat was dit? Sy het geglo dat as God blinde oë kon open, wel, dan kon God die dooies opwek; want Hy is dieselfde gister, vandag, en vir ewig! Ek was nie seker nie; Ek het nie geweet totdat ek gesien het nie. En toe ek die baba gesien het, was dit 'n Absoluut. Absoluut reg! Daar was dit. Die dood moet sy slagoffer opgee.

Hier het die Seun van God gegaan; daardie by van die dood het om Hom begin zoem. "O, hoe kon hy 'n profeet wees! Hoe kon hy daar staan en laat—spoeg in sy gesig? Hoe kon hy daar staan en hulle laat spot met hom en niks daaraan doen nie! Dit is nie Emmanuel nie! Dis net 'n gewone man. Kyk na die dronk spoeg van hulle dronk soldate. Kyk na sy gesig wat bloei!"

Die duiwel het gesê, "Ek sal hom kry. Ek sal hom kry." Hier het hy gekom soos 'n by, die steek van die dood, om Hom gezoem. Maar, broer, toe daardie by ooit sy angel in daardie Emmanuel geanker het, toe hy uitkom, het hy sy angel verloor, selfs dood homself.

Geen wonder dat Paulus later in die gesig daarvan kon kyk en sê, "O, dood, waar is jou angel; graf, waar is jou oorwinning? Danksy God, wat aan ons die oorwinning gee." Christus se dood was die Absoluut aan elke man wat dit gevrees het.

My hart sê "amen" op elke Woord in Sy Boek. (Ek sluit, sekerlik nou. Ek moet dit net hier afsny. Sien?)

Dis hoekom ek weet die Heilige Gees is my Kompas wat my lei. Hy is die Een wat my laat weet hierdie Woord is waar; Hy is my Absoluut; Hy is my Sonskyn; Hy is my Lewe; Hy is my Anker! As daar probleme is, is Hy my Noordster. As ek verdwaal is, is die Heilige Gees my Kompas wat my terug na die plek lei.

Denominasies is soos ander sterre; hulle skuif met die wêreld. Ander sterre skuif soos die wêreld skuif, maar nie die Noordster nie. Die wêreld kan skuif waarheen dit wil, maar dit bly stil. O, broer . . . ? . . . Die Noordster is geanker. Die ander skuif rond; jy kan hulle hier en daar en oral anders sien. Dis hoe dit met die denominasionele kerke is. Maar Christus is die Absoluut. Hy is die Een waarin jy vertroue kan plaas. Wanneer die denominasies jou heeltemal verwar het, kyk net na die Noordster. Die Heilige Gees is jou Kompas.

Hy bly altyd trou aan Sy Woord. Toe hulle my vertel het dat daardie dinge nie in 'n moderne dag soos hierdie kan gebeur nie, het ek geweet as—as daar—as daar geen God is nie, dan leef, eet, drink, en wees bly. As daar 'n God is, laat ons Hom dien. En ek het geleef om die dag te sien dat Hy alles uitgevoer het, selfs die opstanding van die dooies toe Hy hier op aarde was. En ons weet deur gedokumenteerde verklarings dat dit die waarheid is. Ja, meneer! Hy is my Absoluut.

Nou, maak Hom jou Absoluut. Neem in die—die tyd van my moeilikhede, Hy is altyd 'n Absoluut. Kyk nou, deur die genade van God . . . (Nou, ek beter net sluit. Dit word laat. Wel kyk hier, ek het gedink dit was elfuur; en dis 12:30.)

Vriende, die hele dag, die hele nag, die hele jaar, en deur Ewigheid kon nooit daarvan praat nie. Moenie probeer om dit uit te werk nie. Julle kan nie. Daars geen manier om dit uit te werk nie. Julle sê: "Broer Branham, as—as jy . . . "

Ek weet nie; ek glo net; ek het ophou probeer om enigiets daaromtrent te doen; ek glo dit net. Dis al. Sien? "Nie hy wat hardloop nie, of hy wat wil nie, dis God wat genade gee." Sien? Nie deur werke nie, dis deur genade. Sien? Ek glo dit net. God se. . . Dit berus by Hom om die res daarvan te doen. Glo dit net. Handel daarop.

Hierdie beroemde lied, ek het hulle dit hoor speel—dit sing hier of iewers:

> O, liefde van God, hoe ryk en suiwer!
> Hoe onmeetbaar en sterk!
> Dit sal vir ewig uithou,
> . . . heiliges en engele se lied.

Wanneer 'n man in wiskunde probeer het om af te breek, of probeer wys het deur sy geleerdheid, sal dit jou mal maak. Jy kan dit nie doen nie. Moenie probeer om dit te doen nie. Moenie probeer om dit uit te werk nie; God is verby uitwerking. Jy werk God nie uit nie, jy glo God net. Dis 'n—dis die geheim. Moenie dit uitwerk nie, glo dit net. Ek kan julle nie vertel wat dit beteken nie; ek kan julle nie vertel hoe om dit te doen nie. Ek weet net, ek glo dit net; dis al.

Net soos, jy beloof iets aan 'n klein kindjie, hy glo dit. Jy behoort jou woord te hou. Jy is God se kind. Hy hou Sy Woord; glo Dit net eenvoudig. Moenie verward wees nie; bly net reg daar. God het dit eenkeer gedoen, Hy moet dit weer doen. As Hy dit nie doen nie, sal Hy jou sê waarom Hy dit nie kan doen nie. En dis reg. Nou, bly net reg daarby.

Julle weet, daardie een vers daar. . . Ek glo ons dierbare broer daar (was gisteraand gedoop) sing daardie lied, *O, Liefde van God*. Hulle sê my dat daardie vers, hierdie deel daarvan, is geskryf gevind op die muur van 'n gestig, toe dit gesê het:

> As ons met ink die see kon vul,
> Of was die lug van perkament gemaak;
> En elke stok op aarde 'n veerpen,
> En elke man 'n skrywer van beroep.
> Om die liefde van God daarbo te skryf
> Sou die see drooglê,
> Of kon die boekrol die geheel behou,
> Hoewel gestrek van lug tot lug.

Dink daaraan, wanneer omtrent driekwart van die aarde water is. En kyk na die waterstof en suurstof in die lug, die vogtigheid en dinge. Sien? As elke klammigheid ink was, en dink aan die biljoene en triljoene en triljoene strooitjies wat veerpenne kon wees. En dink aan die biljoene mense wat op aarde was en elkeen van hulle 'n skrywer van beroep. Om daardie penne in die see te doop en te probeer om die liefde van God uit te werk sou die see drooglê; of kon die boekrol die geheel inhou, hoewel gestrek van Ewigheid tot Ewigheid.

Moenie dit uitwerk nie; julle kan nie. Jy verloor jou verstand as jy probeer om dit uit te werk; glo dit net. Maak Hom jou Absoluut! Bly daar; die soete vrede en 'n ondervinding wat jy nooit sal vergeet nie, anker daaraan en jou Anker sal hou binne die sluier. Laat ons ons hoofde buig.

Hoe groot is U! Hoe groot is U! Hoe baie hier binne met julle hoofde gebuig vanoggend...Dit nader nou Nuwejaar; en jy was baie godsdienstig (en dis goed, ek waardeer dit, elkeen van julle. Ek is seker God doen dit), maar jy het nog nie regtig daardie Absoluut ondervinding gehad nie, daardie iets dat jy nie net voorgegee het nie, jy nie net jou verbeel het nie, maar iets het met jou terug gepraat. En toe het jy jou lewe sien verander van daardie tyd af, en elke Woord van God, elke belofte is beaam met 'n "Amen." Dan hou jy aan die Absoluut vas, want jy onthou, Hy het gesê, "Hemele en aarde sal verby gaan, maar My Woord sal nooit faal nie." Jy het nog nie na daardie plek gekom waar jy kon sê "Amen" op elke Woord nie, of dit teen jou geloofsbelydenis was, teen jou denominasie was; maar jy wil by daardie plek kom soos Moses, soos die res van hulle (wat nie kon doen totdat hulle daardie Absoluut gevang het nie) en jy wil dit vanmôre in jou lewe hê, sal jy dit net aandui, dieselfde, deur net jou hande na God op te steek. Die Here seën jou. Reg, meneer. Oral oor die gebou.

Genadige Vader, ek weet dat ons somtyds moet skei. Daar moet 'n tyd wees wanneer ons hierdie wêreld gaan verlaat. Ons weet nie watter tyd dit is nie, en dit maak nie te veel verskil nie. As ons tyd verby is, dan wil ons kom. Ons doelwit om hier te bly is om U te dien.

En vandat ons op die pad na vernietiging was eendag, soos Paulus op die pad na Damaskus was om verwoesting in die Kerk te saai, 'n Lig het hom verblind. En o, God, daardie Lig het hom gevolg, want Dit was Christus. En hy het daar aan 'n Absoluut geanker dat selfs dood homself, hy kon in sy gesig lag, en sê, "Danksy God, Wat ons die oorwinning gee deur Jesus Christus."

U word 'n volkome Absoluut vir daardie Apostel. Hy was die—U was die Amen vir hom, in elke sin. U was die Stêr van sy lewe, die Gidspunt. U was die Kompas wat hom deur die storm gelei het. U was die Openbaring; U was die Visioen; U was sy Hoop, sy Saligheid. En selfs by die uur van dood, toe hy geweet het dat hy daarna gaan, was U steeds sy Absoluut.

U was Daniël se Absoluut. U was al die profete se Absoluut. Te midde van denominasionele verskil, en die probleme van hulle dae, en die Fariseërs en Saduseërs, was daar steeds mense wat U vir hulle Absoluut geneem het.

En vandag, Here, manne en vroue met deernis, met liefde, en—en harte wat bloei, Here, vir 'n werklike ondervinding van om God te ken, en om 'n—'n versekering van 'n absoluut te hê,

miskien was al wat die mense tevore geweet het, Here, om aan die kerk te behoort. En ons besef, soos ek probeer het om opreg, nie om anders te wees nie (U ken my hart), maar om hulle te vertel dat hulle nie by die Kerk kan aansluit nie, jy sluit by die losie aan, die Metodiste, en Baptiste, en Katolieke, en Pinksterlosies; maar jy word in die Kerk gebore—die mistiese Liggaam van Christus, en word lede van Sy Liggaam, met die gawes van die Gees om Sy groot Liggaam te laat beweeg in aksie en krag.

God, dis wat hierdie hande vanoggend beteken het toe hulle opgegaan het. "Plaas my, o, Here. Neem my, vorm my, maak my; maak net my plek in die lewe so 'n Absoluut, vasgebind aan Christus, dat ek aan niks anders behalwe daardie Absoluut sal dink nie." Staan dit toe, Here. Seën hulle. Maak die siekes en die geteisterdes gesond. Red die verlorenes.

Nou, Here, ons weet dis die gewoonte om die mense na die altaar te roep, maar dit het 'n tradisie by ons geword. En vanoggend met die altare vol en die—die klein kindertjies en—en alles. . . Maar, Here, U het op een of ander manier met hulle gepraat; hulle het hulle hande opgesteek. Hulle het—hulle het, soos 'n besluit gemaak. Hulle wil, hulle—hulle—hulle wil iets werklik hê; en ek offer my gebed om hulle ontwil. Staan dit aan elkeen toe, Here.

Wees nou met ons, vergewe ons sonde, maak ons siektes gesond, en gee ons die verlossing wat ons nodig het.

En, Here, bowenal, mag ons nooit vergeet dat ons vandag aan daardie Absoluut vasgebind is nie, ons Noordster, na Golgota, na Christus, en die Heilige Gees neem die woorde van God en manifesteer dit letterlik aan ons deur genesing van die siekes, ons visoene te wys, die dooies te laat opstaan, en doen net presies wat Hy beloof het om te doen.

En mag hierdie kerk en hierdie mense, van die deel van die Liggaam van Christus wat vanoggend hier vergader is, leef soos Jesus gesê het om te leef: "Julle is die sout van die aarde." En mag hulle so souterig word, tot hulle gemeenskap dors sal raak. Sout skep 'n dors, en sout kan net red soos dit kontak maak. En ek bid, God, dat U dit aan hierdie mense sal toestaan, dat hulle ook sielewenners mag wees.

Seën ons pastoor, Broer Neville, hierdie nederige kneg, Here, wat by sy plek van plig staan net so eerbiedig, soos 'n lid van die Liggaam van Christus, probeer sy uiterste bes om alles wat U aan hom sê om te doen te volg.

Seën die trustees, hulle manne wat so goedertieren met my gestaan het in hierdie groot, donker tyd wat ek deur is. Staan by die Kerk, wat vir my gebid en by my gestaan het in tye van moeilikheid. Here, ek het hulle lief, en ek offer my gebed dat hulle na U sal kyk, Here. Mag hulle wegkyk van hierdie sterflike klei van 'n kneg; mag hulle na Hom kyk, Wat die Almagtige is, Wat

is . . . En ons weet, Here, dat ons beperkinge het. Maak nie saak wie ons is nie, ons is steeds sterflik. Maar nie die boodskapper nie, maar die Boodskap. Staan dit toe, Here. Dis waar ons wys na Jesus Christus, die Seun van God. Gee dat Hy so werklik sal wees aan elkeen hier vandag, selfs aan die klein kindertjies, dat Hy die Absoluut van die hele gemeente sal word. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my saligheid gekoop het
Op Golgota se boom.

Nou, terwyl ons dit weer sing, skud hande met iemand voor jou, agter jou, langs jou; net almal skud nou hande. Bly net sit; draai net om en skud hande as jy kan. Sien?

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste liefgehad het,
En my saligheid gekoop het,
Op Golgota se boom.

Hulle het nou net aangekondig dat Nagmaal Maandagaand om middernag is. Laat ons ons hande nou oplig en vir Hom sing. Hoeveel voel julle—Hy is julle Absoluut? Die Woord, Hy is die Woord. Glo julle dit? Hy is die Woord en die Heilige Gees het daardie Woord ontkiem om daardie Lig in jou te laat lewe, van die Woord, die regverdiging van die Woord. Sit die Woord in jou hart; laat die Heilige Gees inkom, en kyk hoe die Woord beweeg. Glo, wees nederig; moenie begeer om 'n groot iemand te wees nie; wees 'n niemand, dat God jou 'n iemand kan maak. Sien? Reg. Doen dit nou.

Almal wat Hom liefhet sê, "Amen!" [Gemeente antwoord, "Amen!"—Red.] Julle weet wat die woord *Amen* beteken? "Laat dit so wees." Amen! Dis reg.

Kom ons sê, "Halleluja!" [Gemeente antwoord, "Halleluja!"—Red.] Weet julle wat dit beteken? "Prys ons God!"

Toe ek in Duitsland was, nie lank gelede nie, het ek voor omtrent dertig of veertig duisend mense opgestaan daardie dag, en ek het gesê, "Dis 'n snaakse ding hoedat julle Duitse mense nie kan verstaan nie." Ek het gesê, "Op my pad af hierheen vandag, het 'n hond in Engels vir my geblaf. Dis reg." Ek het gesê, "Hy het geen moeilikheid gehad nie. En daar het 'n voël gesit, en hy het in Engels vir my gesing. Ek het in die pad afgekom, en 'n moeder het 'n klein babatjie op haar arm gehad toe ek inkom daar aan die agterkant." En ek het gesê, "Daardie baba het in Engels gehuil. Wat is fout met julle mense?" Dis reg. O, as julle net rondkyk, Hy is oral, is Hy nie? Sekerlik is Hy.

Nou, laat ons net ons hande oplig, en ons oë sluit, en sing, terwyl ons die pastoor vra om op te kom vir afsluiting. Laat ons eers opstaan. Almal op julle eie voete. Almal, het julle Hom

lief, nou weer? Sê, “Amen!” En julle weet, die woord *Halleluja* is dieselfde is elke dialek? Gaan in die Hottentot-woude van Afrika; *Halleluja* is dieselfde woord. Halleluja! Dit behoort amper ’n Christelike groet te wees, behoort dit nie? Halleluja! Die woord beteken “prys ons God.” En Hy is waardig daarvan, is Hy nie? Hy is absoluut my Saligmaker; Hy is absoluut Jesus Christus, die Seun van God, vir my. Hy is absoluut dieselfde gister, vandag, en vir ewig vir my. Is Hy so vir jou?

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
Omdat Hy my eerste lief gehad het,
En my saligheid gekoop het
Op Golgota se boom.

*Die Absoluut* AFR62-1230M

(Absolute)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagoggend, 30 Desember, 1962, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van ’n magnetiese bandopname afgeneem en onverkort in Engels gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gepubliseer in 1994 deur Voice of God Recordings.

AFRIKAANS

©1994 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE

58 DISA ROAD, ADMIRAL’S PARK, GORDON’S BAY 7140 WESTERN CAPE

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org